
September - Oktober 2009

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 8, No. 5 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2008 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Wat gaan aan?

Miljoene Amerikaners en Britte begin besef dat iets werklik skrikwekkend besig is om met ons samelewing te gebeur. Hulle voel aan dat dit *baie* ernstig is. Hulle weet egter nie wat dit veroorsaak nie. Hulle weet ook verseker nie wat die oplossing is nie.

Die Amerikaanse dollar en Britse pond het baie koopkrag verloor. Ons verkeer in 'n absolute *geweldige* finansiële krisis met baie groot banke en ander gerespekteerde finansiële instellings wat ineengestort het of in gevaar staan om ineen te stort. Die oorloë in Irak en Afganistan het Amerika militêr gedreineer.

Intussen saai kragtige orkane en ander weerverwante rampe verwoesting in ons nasies. Droogtes duur voort in sommige dele en geweldige oorstromings in andere – soos God duisende jare gelede al voorspel het (Amos 4:7-8). Ernstige voedseltekorte raak *miljoene* mense regoor die wêreld, en op *hierdie oomblik* sterf baie mense van honger! Wêreldbekende wetenskaplikes waarsku ons toenemend dat *verskriklike siekte-epidemies* ons erg gaan tref, soos nog nooit voorheen in moderne tye nie.

Dus, *wat gaan aan?*

Is dit *skrikwekkend* om te besef dat *ons werklik* naby aan die einde van die menslike beskawing, soos ons dit geken het, is? Baie Bybelgeleerdes stem saam dat ons *baie na* aan die einde van 6,000 jaar van aangetekende menslike geskiedenis is. Die God van die Bybel toon duidelik dat Hy 'n 7,000 jaar plan in gedagte het. Die eerste 6,000 jaar – die "dae van die mens" – is afgestaan aan die mensdom wat onder die invloed van Satan die Duiwel leef. Gedurende hierdie tydperk *skryf* hulle die lesse van die lewe, maar dit nogtans nie *leer nie, soos h*ulle dit wel later sal doen. Aan die einde van hierdie 6,000-jarige tydperk sal Jesus Christus terugkeer as Koning van die konings en die duisendjarige Sabbat inlui – die *sewende* "dag" of duisend-jaar tydperk van menslike geskiedenis. Daardie duisend jaar sal onder die direkte heerskappy en beheer van die *lewende* Jesus Christus wees. Hy sal ware *vrede* en *vreugde* aan die ganse mensdom bring (Jesaja 11:9-10).

Die hoogs gerespekteerde geskiedskrywer, Edward Gibbon, beskryf die oortuiging van die eerste eeu se Christendom as volg in sy monumentale werk, *The Decline and Fall of the Roman Empire*: "Die antieke en gewilde leerstelling van die Duisendjarige Ryk was in noue verband met die Wederkoms van Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae afgehandel was, is die duur daarvan in die huidige staat vasgestel op 6,000 jaar, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word. Deur dieselfde analogie word dit afgelei dat

hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou byna verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar en dat Christus, saam met die triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het of wat bonatuurlik opgewek is, op die aarde sal heers tot die tyd wat bepaal is vir die laaste en algemene opstanding ... Die versekering van so 'n Millennium was sorgvuldig ingeprent deur 'n opeenvolging van [kerk]vaders van Justinus die Martelaar en Irenaeus, Lactantius, wat die onderwyser van Konstantyn se seun was ...” (Vol. 1, bll. 403-404).

Gibbon gaan egter voort om te verduidelik dat in die eeue wat gevolg het op die Apostoliese era – somtyds die “Donker Eeue” genoem – hierdie begrip van God se Plan genadeloos verwerp is: “Toe die gebou van die kerk bykans voltooi was, is die tydelike stut eenkant toe gestoot. Die leerstelling van Christus se regering op die aarde is eers bestempel as 'n versinnebeelding, later geleidelik beskou as 'n twyfelagtige en nuttelose opinie, en nog later verwerp as die belaglike versinsel van dwaalleer en dweepsug” (bl. 404).

My geliefde vriende, ons hele samelewing – insluitende die “hoofstroom” Christendom – het *weggedraai* van die God van die Bybel af. Selfs die meeste belydende Christene het basies

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Wat gaan aan?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wie is u, regtig?** 3
Weet u, persoonlik, regtig wie u is?

**’n Terugkeer na Rome?** 9
Terwyl die wêreld se aandag gefokus was op oorloë in Irak en Afganistan, internasionale terrorisme, weerverwante rampe, aardbewings, aardverwarming en die onstabiele wêreldwye ekonomie, is ’n ander baie belangrike neiging stilweg besig om te ontwikkel net onder die radar van die wêreldse pers.

**Danksegging en Ons Nasionale Doel** 15
Op Dankseggingsdag vergader miljoene mense saam met hul gesinne en vriende om ’n goeie maaltyd, samesyn en die seëninge om in ’n welvarende nasie te woon, te geniet?

**Wie sal die golwe regeer?** 19
In 1405 het admiraal Zheng He van die Ming dinastie sy seile gespan vir ’n seevaart met 27 800 matrose onder sy bevel wat 62 groot Chinese skepe beman en wat hom regdeur die grootste deel van Suid-Asië geneem het.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie is u, regtig?

Deur Roderick C. Meredith

Weet *u*, persoonlik, regtig *wie u is*?

Weet u werklik wie u voorouers is? U familie se agtergrond en ander inligting mag 'n *geweldige* uitwerking hê op hoe u funksioneer, die soorte talente en sterkpunte wat u moontlik mag hê – en op u ware toekoms!

Die meeste van ons kyk so nou en dan na ons familiefotos, om te sien hoe ons grootouers en oorgrootouers gelyk het. Ons kan dalk ook kyk na die inligting in 'n ou familie-Bybel waarin sommige van ons voorouers gelys mag wees. Ons weet moontlik dat ons afstam van die Engelse of Walliesers of Italianers of Hollanders of wie ook al. Ons mag by onsself dink: "Dit is alles nogal interessant, maar maak dit regtig saak? Het dit *enigiets* te doen met my daaglikse lewe, met my loopbaan of met my toekoms?"

'n Uitdruklike *ja*! *Dit het verseker*!

Die *huidige* benadering van sosioloë en historici (wat normaalweg met elke geslag *verander*) beklemtoon dat ons voorouers feitlik *geen verskil* maak in wie ons is nie, en die huidige kelm op "politiese korrektheid" kan dit moeilik maak om openlik sommige van die sake te bespreek wat dikwels *as vanselfsprekend aanvaar* was 'n geslag gelede en is dikwels so opmerklik as die neus op mens se gesig! Die meeste van ons wat die lewe al vir 'n klompie dekades ondervind het, *weet sekerlik van beter*! Indien ons gewillig is om te erken dat die Heilige Bybel *werklik* die geïnspireerde woord van God is, dan kan ons begin om allerhande soorte inligting te *verstaan* waaroor hierdie verwarde wêreld onseker is – of eenvoudig net "die kat aan die stert beet het".

Een ooglopende voorbeeld sou wees om *objektief* die Joodse volk se talente en sterkpunte in ag te neem. In plaas daarvan om hulle te probeer *blameer* vir Christus se dood, of om met 'n teorie van "Joodse sameswering" vorendag te kom in 'n poging om hulle met een of ander groot kwade beweging te identifiseer, hoe dui die *Bybel* duidelik aan sal die afstammelinge van Juda wees? Weerspieël hulle inderdaad baie duidelik die sterkpunte en voorbeelde wat Juda en sy nageslag getoon het, net soos geopenbaar in God se geïnspireerde woord?

*Natuurlik weerspieël hulle dit!*

Die meeste opregte Bybelstudente weet dat name belangrik is vir God. Hy noem mense en dinge *wat hulle is*. Byvoorbeeld, Satan is in die begin "Lucifer" of "Ligbringer" genoem – toe het hy teen God in opstand gekom en sy naam was verander na "Teenstander". Dus, wat beteken *Juda* se naam?

### Juda se naam beteken "Loof"

In die Hebreeuse taal beteken Juda letterlik "loof". Juda se ma, Lea, was so verheug om 'n vierde seun te hê, dat sy gesê het "Dié keer sal ek die HERE loof. Daarom het sy hom Juda genoem" (Genesis 29:35). Heelwat later het God Jakob geïnspireer om Juda met hierdie woorde lof toe te swaai: "Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nòg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees" (Genesis 49:8-10).

Inderdaad, as geheel is die Jode 'n absolute **briljante** ras of etniese groep. Alhoewel hulle slegs omtrent twee tiendes van een persent van die wêreld se bevolking uitmaak, laat die **geweldige** prestasies van die

Joodse volk die verbeelding van almal wat met 'n oop gemoed daarna kyk, steier. 'n Klompie jare gelede het ek met 'n aantal professionele musikante gepraat oor die werklik uitstaande pianiste en violiste op die wêreldtoneel. Uit die top halfdosyn pianiste oor die ganse wêreld heen – mense soos Artur Rubenstein en Vladimir Horowitz – was die *meeste* van hulle Jode. Ook uit die paar top violiste was die meeste Joods – met inbegrip van Jascha Heifetz, Isaac Stern en David Oistrakh, wat *Russiese* Jode was.

'n Tyd gelede was 'n gesaghebbende lys name vrygestel van die wêreld se belangrikste wetenskaplikes wat betrokke was in die ontwikkeling van kernwapens. Weereens was die aantal Jode onder hierdie groep top wetenskaplikes in hierdie baie uitdagende wetenskaplike veld, amper ongelooflik! Natuurlik word Albert Einstein bykans altyd erken as die "vader" van kernfisika – die hele veld daarvan. Dan die man wat die meeste mense voel verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die atoombom, J. Robert Oppenheimer – 'n Amerikaanse Jood. 'n Engelse Jood, Edward Teller, word erken as die vader van die waterstofbom. Baie, *baie* ander Joodse wetenskaplikes is op hierdie lys – buite verhouding tot die getal wetenskaplikes *uit enige ander* etniese groep!

Raai watter etniese groep is normaalweg die meeste verteenwoordig in bykans elke veld van menslike strewes wat die hoogste vlakke van menslike intelligensie vereis – **ver bo** hul numeriese verteenwoordiging in die menslike ras? *Die Jode!*

Juda was genoem "loof". U en ek behoort te verstaan dat ons Skepper *wel* spesiale talente of sterkpunte aan sekere etniese groepe verleen het – en ons is derhalwe **moedswillig onkundig** indien ons nie gewillig is om *daardie ooglopende werklikheid* te erken nie!

Natuurlik, soos ons nog altyd in hierdie Werk verkondig het, is ons almal beslis in *geestelike sake, gelyk* voor God. Ons is *almal,* deur God, die ontsaglike potensiaal gegee om Sy volle seuns te word en om, deur Sy Heilige Gees, deelgenote te word van *Sy einste aard.* In hierdie menslike vlees *verskil* ons nogtans in baie opsigte en dit behoort so verstaan en waardeer te word. Mans *is* in sleutelaspekte sekerlik *anders* as vrouens. Mense met verskillende voorgeslagte – Duitsers, Chinese, Italianers, of wie ookal – het oor die algemeen verskillende sterkpunte. Daar *is* ook besondere sterkpunte en talente onder die Anglo-Saksies-Keltiese mense in die nasies van Brittanje, Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika. Hierdie is *belangrike* verskille – en ons en ons bure ***ontbeer*** baie ***noodsaaklike*** inligting as ons nie hierdie verskillende sterkpunte en swakhede begin verstaan en waardeer nie.

Indien ons al hierdie dinge verstaan, sal ons meer volledig kan weet ***wie*** ons is – en ***wat*** ons behoort te doen!

## Wie is die "Seuns van Josef?"

Een absoluut *noodsaaklike* deeltjie etniese inligting is om te verstaan **wie deesdae** die "seuns van Josef" is – afstammelinge van die Bybelse patriarg wat in Genesis beskryf word. I*ndien* ons daardie identiteit kan onderskei, dan kan ons weet ***wie*** geprofeteer was om in moderne tye beheer uit te oefen oor 'n groot deel van die *hele wêreld* se rykdom en mag! Ons sal kan weet **wie** beheer sou hê oor die uiters belangrike "poorte" van internasionale handel en die deurgang van militêre vaartuie en voorrade. Ons kan ook weet **wie** bestem was om die grootste ryk in die geskiedenis te word en wie die grootste enkelnasie in moderne tye sou wees.

En – *verstaan dit* – ons sal weet **waarom** daardie groot nasies se *mag gebreek sal word*, hulle *verneder* en uiteindelik in die *grootste nasionale ballingskap* in die geskiedenis weggevoer sal word – om uiteindelik bevry te word met Jesus Christus se Wederkoms as Koning van konings. U sal dus sien dat die identiteit van daardie mense 'n **noodsaaklike "sleutel"** is *om Bybelse profesieë te verstaan*! Inderwaarheid *sal* omtrent 90% van **eind**tydse profesieë *nie verstaan kan word*, tensy mens die ware identiteit van die "Verlore Tien Stamme" van Israel verstaan nie – en veral die identiteit van die seuns van Josef.

W*ie is dus* **vandag** die seuns

van Josef? Net soos die Bybel die aard en vermoëns van die Joodse volk beskryf het, het dit ook die aard en vermoëns van die seuns van Josef beskryf – duisende jare voor die tyd?

*Ja!* Dit het verseker!

Indien u noukeurig die hele storie van Josef en sy seuns lees, sal u baie boeiende inligting vind. Josef was nie slegs 'n uiters bekwame bestuurder wat deur die Egiptiese Farao aangestel was om oor die *hele Egiptiese nasie* beheer te hê nie, maar sy vader, Jakob, was geïnspireer om te voorspel dat Josef se seuns, in die "laaste dae", twee van die grootste moondhede in die hele wêreld sou wees.

Nou toe nou! Wie ***is*** deesdae daardie moondhede?

Onthou, die aartsvader Josef se sterkpunte en talente het veroorsaak dat *twee verskillende leiers* hom aangestel het as 'n oorhoofse bestuurder. Eerstens was hy in slawerny verkoop: "En Josef is afgebring na Egipte; en Pótifar, 'n hofdienaar van Farao, die owerste van die lyfwag, 'n Egiptiese man, het hom gekoop uit die hand van die Ismaeliete wat hom daarheen afgebring het. En die HERE was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was; en hy het in die huis van sy heer, die Egiptenaar, gebly. En toe sy heer sien dat die HERE met hom was, en dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee" (Genesis 39:1-4). Josef was dus baie bekwaam om te lei en mense en eiendom te bestuur. Dít is 'n belangrike sleutel-element om te onthou!

Later vind ons dat Farao – koning van Egipte – daardie *selfde eienskappe* in Josef waarneem en hom, effektief, tweede in bevel oor die hele Egiptiese ryk aanstel! Let op: "Jý moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy. Verder het Farao vir Josef gesê: Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland. Toe trek Farao sy seëlring van sy hand af en sit dit aan die hand van Josef; en hy het hom fyn linneklere laat aantrek en die goue ketting om sy hals gehang en hom laat ry op sy tweede rytuig; en hulle het voor hom uitgeroep: Pas op! *So het hy hom dan oor die* **hele** *Egipteland aangestel*" (Genesis 41:40-43).

Gelei deur God, het Josef wyslik 'n stelsel regdeur die hele nasie georganiseer sodat hulle **ontsaglike groot** hoeveelhede graan opgeberg het, ter voorbereiding vir die voorspelde hongersnood wat sewe jaar sou duur (vers 54). Daarna, op 'n bedrewe besigheidsgrondslag, maar nogtans op grootmoedige wyse, het Josef begin om hierdie graan met die omliggende lande te **deel** (vers 57).

Dit is dus duidelik dat Josef oor 'n groot vermoë beskik het om mense en eiendom te bestuur – en dat hy van nature *baie vrygewig* was deur sy gewilligheid om die ekstra rykdom en voedingstowwe wat God aan die Egiptenare onder sy beheer gegee het, te deel. Hy was 'n *seën* vir al die omliggende nasies!

## Josef se twee seuns

God het Josef intussen ook met twee seuns geseën – **Manasse**, die oudste, en **Efraim**, die jongste. Toe die aartsvader Jakob, (wie se naam verander was na Israel) hom voorberei het om te sterf, het God hom geïnspireer om die twee seuns se toekoms te voorspel. Toe hy sy hande uitstrek om hulle te seën, het Jakob sy *regterhand* met opset op *Efraim* se hoof geplaas (hoewel Efraim die jongste was) en sy linkerhand op Manasse se hoof; en hy het profeties gesê: "... mag deur hulle my **naam** [Israel] genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte" (Genesis 48:16).

Onthou, die Bybel maak dit baie duidelik dat die *Jode* afstam van ***Juda*** **–** slegs maar *een* van die twaalf stamme van Israel. Die ander elf stamme – insluitende Benjamin, Ruben, Simeon, Levi, Naftali, ens. – was almal verskillende volke en het deur die eeue tot verskillende nasies gegroei. Hoofstuk na hoofstuk van 1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke, beskryf die oorloë tussen Israel en Juda. Ja, die Israeliete het teen "die Jode" geveg (2 Konings 16:5-6). Hulle was verskillende volke.

U Bybel maak dit natuurlik duidelik dat Juda – die *Joodse* volk – die Messias sou oplewer en die koninklike lyn sou bewaar tot en met Christus se Wederkoms (Genesis 49:10). 'n *Heeltemal ander* toekoms is egter voorspel vir die seuns van

Josef, wat **nie** "Joods" was nie, maar nogtans deel *was* van Israel! Kyk wat Israel op sy sterfbed-seën aan Manasse sê: "Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook **groot** word; nogtans sal sy jongste broer **groter** wees *as hy, en sý nageslag sal* 'n **menigte** *van nasies word*. So het hy hulle dan dié dag geseën en gesê: Met jou sal Israel 'n seën toewens, met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en soos Manasse! So het hy dan Efraim voor Manasse gestel" (Genesis 48:19-20).

**Indien** u die Bybel glo, is dit duidelik dat die afstammelinge van Efraim en Manasse "groot" volke sou word, en dat die jongste broer, Efraim, 'n **menigte** *van nasies* – of soos sommige vertalings lees, 'n "kompanjie" of **gemenebes** van nasies **–** sou word.

Later beskryf God die toekoms van Josef se nakomelinge. Hy openbaar dat die nakomelinge van Josef meer seëninge sou ontvang as **al die ander nasies**, "van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers" (Genesis 49:25-26).

Wanneer Amerikaners die sinsnede lees "seëninge van die hemel daarbo ... die kostelike gawes van die ewige heuwels", mag ons vergewe word as ons daardie einste woorde in herinnering roep wanneer ons sing: "God bless America ... from the mountains to the valleys to the oceans white with foam!"

Nêrens anders in die Skrif is daar enige ander profesie oor enige ander volk, wat voorspel dat sodanige diepgaande seën oor enige ander nasie in die eindtyd sal kom, as dié wat in Genesis 49 belowe is nie. Want hulle was bestem om die seën te hê van 'n "vrugteboom by 'n fontein" (vers 22), "seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê" (vers 25). Uiteraard sou hulle geil en oorvloedige oeste hê. Hulle sou ryk minerale en olie neerslae hê ["seëninge van die watervloed wat daaronder lê" (vers 25) en "seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels" (vers 26)]. Hulle sou geseënd wees bo **al die nasies**.

Wie is dus weereens hierdie volke wat so wonderlik geseënd is?

God het vroeër ander seëninge aan die nakomelinge van Israel toegesê, toe Hy aan hom gesê het: "Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n **Nasie**, ja, 'n **menigte van nasies**, sal van jou afstam, en **konings** sal uit jou lendene voortkom. En die **land** wat Ek aan Abraham en Isak gegee het, sal Ek aan jou gee; en aan jou nageslag ná jou sal Ek die land gee" (Genesis 35:11-12).

Dus, **een** "groot" nasie en 'n afsonderlike "menigte van nasies" sou uit Israel se lendene voortkom. Ander profesieë toon aan dat hierdie afstammelinge beheer sou hê oor die groot "poorte" van internasionale handel en militêre mag. Kyk na God se belofte aan Abraham: "... dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die **poort** van sy vyande in besit neem. En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het" (Genesis 22:17-18). Ons vind dan dat Rebekka profeties "geseën" was met hierdie woorde: "Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word, en *mag jou nageslag die* **poort** *van sy vyande in besit neem*!" (Genesis 24:60).

Hierdie profesieë het **baie groter betekenis** as wat die meeste mense vandag besef. In moderne tye het die hoë bergpasse in afgeleë gebiede mos *feitlik geen uitwerking* op internasionale handel en nywerheid nie. Dit is die lewensnoodsaaklike "seepoorte" – soos die Suezkanaal, die Straat van Malakka, die Straat van Ormuz en ander soortgelyke seepoorte – wat *geweldige* implikasies gehad het in die bepaling van wie wêreldsake beheer!

*Indien* u die wêreldnuus noukeurig lees, sal u sien dat die Irakiërs gedurig dreig om die

Straat van Ormuz te *sluit*, die straat waardeur 70% van die Midde-Oosterse olie vloei! U sal lees dat die skepe wat deur die Straat van Malakka vaar, deesdae soms lastig geval word, want die Britse beheer oor die seë is nie meer wat dit was nie. U sal onthou dat 'n ander groot "seepoort" – die **Panamakanaal –** oorgegaan het in vreemde hande, met onheilspellende gevolge vir Amerika se toekoms.

**Wie** het in moderne tye, tydens die toppunt van hulle mag, al hierdie "poorte" asook die ander groot seepoorte oor die hele wêreld, beheer? Hulle was almal, tot 'n paar jaar gelede, *byna uitsluitlik* onder Britse beheer, met Amerika wat in beheer was van die Panamakanaal! Meeste van daardie beheer is nou **weg**! Want God het daardie *seepoorte weggeneem* van die Anglo-Saksiese volkere van die Britse Ryk en van Amerika.

## Die Britse en Amerikaanse volke geïdentifiseer

U het dit heel waarskynlik nou al geraai: Die moderne afstammelinge van Efraim en Manasse **–** die "seuns van Josef" **–** is die volke van Britse afkoms in Amerika en die Britse Statebond. Die Anglo-Saksiese mense van hierdie moderne nasies **het** dieselfde sterkpunte en talente as wat hul voorvader, die Bybelse patriarg Josef, gehad het. Veel *meer as al die ander nasies tesame*, neig hierdie nasies om – by wyse van spreke – "graan op te berg" en die honger massas van Afrika, Asië, die Midde-Ooste en dikwels ook ander nasies, te voed.

Alhoewel die meeste mense in die Verenigde State en Groot Brittanje nie eens weet wat hul nasionale identiteit en antieke verwantskap is nie, was hul geneig om "saam te staan" – soos in die twee Wêreldoorloë, die Koreaanse Oorlog, die "Koue Oorlog", die Viëtnamese Oorlog en die twee onlangse "Golfoorloë" in die Midde-Ooste. Die Britte en Amerikaners is nie slegs "neefs" – soos soms gesê word nie – hulle is werklik "broers" – die nasate van die twee seuns van Josef. *Ja*, broers baklei en stry soms, soos ons gedoen het. Nogtans neig ons om saam te staan in belangrike sake – sedert die Amerikaanse Vryheidsoorlog – wanneer dinge begin skeefloop. *Moet dit nooit vergeet nie*! Te midde van meer oorlogsugtige nasies, het **ons** vir meer as twee eeue die "vredes-ewewig" bewaar. **Ons** het meer dokters, onderwysers en sendelinge uitgestuur om *ander nasies te help*, as al die ander nasies saam. 'n Aantal jare gelede, toe miljoene mense in Indië verhongering in die gesig gestaar het, was dit Amerika wat, volgens die voorbeeld van sy voorvader Josef, 'n ontsaglike groot vloot van 600 skepe – hoofsaaklik Amerikaans – met graan en ander voedingstowwe vanaf die plase en velde van Amerika en Kanada gestuur het om die hongerlydendes te help.

Waarlik, die Amerikaanse en Brits-afstammende volke *was geseënd* "met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê" (Genesis 49:25). Nogtans, *ten spyte* daarvan dat ons oorlaai was met al hierdie seëninge, het ons ons rug gekeer op God. Ons het verseker **nie** die Skepper wat ons al hierdie seëninge gegee het, vereer nie. Soos President Abraham Lincoln selfs in sy dag gesê het: "Ons was die ontvangers van die keurigste gawes van die Hemel. Ons was, deur al hierdie baie jare, in vrede en voorspoed bewaar. Ons het gegroei in getalle, rykdom en mag, soos geen ander nasie nog ooit gegroei het nie. Maar ons het God vergeet. Ons het die genadige hand vergeet wat ons in vrede bewaar het, wat ons vermenigvuldig, verryk en versterk het; en ons het ons ydellik verbeel, in die bedrieglikheid van ons harte, dat al hierdie seëninge voortgespruit het uit 'n soort meerderwaardige wysheid en deugsaamheid van ons eie. Dronk van ononderbroke sukses, het ons te selfversekerd geword om die noodsaaklikheid van verlossende en bewarende genade te besef; en te hoogmoedig om tot die God te bid wat ons gemaak het!"

## Wat is ons TOEKOMS?

Dus, wat hou die *toekoms* in? Is die Amerikaners en die Brits-afstammende nasies God se "witbroodjies?" Sal Hy *voortgaan om hulle te se*ën?

*Op geen manier nie*!

Die ewige God is **nie** 'n aannemer van die persoon nie, soos die Bybel dit oor en oor stel. Romeine 2:11 sê immers: "Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie".

Duisende jare gelede het God ons voorvaders gewaarsku: "As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal wees en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God om Hom te terg, dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word. En die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe. En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie. Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. *As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die* **einde van die dae** *oor jou kom,* sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister" (Deuteronomium 4:25-30).

*Onthou!* Die Almagtige God sê: "As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die **einde van die dae** oor jou kom" (vers 30). Die moderne afstammelinge van antieke Israel *is* dus **nie** God se "troetel" volke nie. God **–** in Sy genade **–** *sal ons verneder* deur die beproewinge wat voorlê en aan *ons* lesse *leer* wat ons op *geen ander manier wil leer* nie. Dit is egter noodsaaklik dat ons weet **wie** ons is, sodat ons kan verstaan **waarom** die toekomstige rampe *meer as ooit tevore* oor ons volke sal toesak! U lesers wat **nie** afstam van 'n Anglo-Saksies Kelstiese agtergrond nie, kan verstaan dat ons **nie** probeer om onsself te verhef omdat ons God se **doel** verstaan nie. Die toekoms is inderdaad donker vir ons volke, *tensy* ons ons **bekeer**.

Ons almal – uit elke ras en etniese agtergrond – word in geestelike Israel "ingeënt" wanneer ons bekeer en gedoop word in God se huidige Kerk (Romeine 11:19-23). Ons moet almal, afgesien van ons agtergrond, gewillig wees om onsself te verneder onder die magtige hand van God en uit te roep tot Hom vir hulp om elke les te leer wat Hy wil hê ons moet leer, sodat ons vir alle ewigheid in Sy Koninkryk kan wees. Laat ons dus wêreldgebeure met meer ywer en begrip dophou. Jesus Christus bemoedig ons: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, skryf asseblief vandag nog en vra om u gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*? Dit sal u help om waaksaam te wees en gereed te wees vir die tye wat binnekort voorlê! WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# ’n Terugkeer na Rome?

***Deur* Douglas S. Winnail**

Waarheen is “die Christendom” op pad?

Terwyl die wêreld se aandag gefokus was op die oorloë in Irak en Afganistan, internasionale terrorisme, weerverwante rampe, aardbewings, aardverwarming en die onstabiele wêreldwye ekonomie, is 'n *ander baie belangrike neiging* stilweg besig om te ontwikkel net onder die radar van die wêreldse pers. Hierdie *onverwagte* ontwikkeling – die herrysing van godsdiens in wêreldsake, die groeiende prominensie van die Rooms-Katolieke Kerk en die invloed van daardie kerk se pouse, asook die beweging van ander belydende Christelike Kerke terug na Rome – sal 'n ontsagwekkende invloed hê op die Westerse wêreld en die res van die planeet in die jare wat binnekort voorlê. Alhoewel verskeie oppervlakkige aspekte van hierdie toenemend duidelike neiging gereeld in die nuus vermeld word, word die *profetiese belangrikheid* van hierdie verwante gebeurtenisse hoofsaaklik oor die hoof gesien. Dit is nodig dat u verstaan *hoe* huidige godsdienstige ontwikkelings antieke Bybelse profesieë *vervul*, *waarheen* hulle neig en hoe hulle *u* sal affekteer!

**Herrysing van godsdiens en Rome**

Geleerdes soos Samuel Huntington en Karen Armstrong het opgemerk dat die herrysing van godsdiens as 'n belangrike faktor in wêreldsake, een van die groot verrassings van die 21ste eeu is. Vir dekades het akademici en politici die “teorie van sekularisasie [verwêreldliking]” aanvaar – die idee dat modernisasie en sekularisasie [verwêreldliking] van die gemeenskap, godsdiens in die niet sal laat verdwyn. Net mooi die teenoorgestelde het egter gebeur! Soos sosioloog Peter Berger waargeneem het het die dramatiese oplewing van godsdiens oor die laaste 25 jaar, 'n “bewys gelewer dat hierdie 'n groot vals idee is” (*The Desecularization of the World: Resurgent Religion and World Politics*, bl. 6). In werklikheid is die vinnigste groeiende godsdienstige organisasies “fundamentalistiese” sektes en kerke met duidelike geloofsoortuigings en sterk morele kodes. In teenstelling daarmee, is liberale hoofstroom-denominasies wat probeer om die neigings en giere in die gemeenskap te akkommodeer – maklike egskeidings, aborsie, dieselfde-geslag-huwelike, verordinering van vroue en homofiele – besig om in ledetal toe te neem!

Die Rooms-Katolieke Kerk was op die voorpunt van die “Kultuur-oorloë” wat konserwatiewe godsdienstiges aangehits het teen hulle liberale teenstanders. Pous Benediktus XVI het, net soos sy voorganger Pous Johannes Paulus II, sterk dogmatiese standpunt ingeneem in kwessies wat kosbaar is in “tradisionele” Christelikheid – die verwerping van gewettigde aborsie, huwelike deur lede van dieselfde geslag en verwêreldliking, terwyl die heiligheid van die heteroseksuele huwelik, die belangrikheid van Sondag-aanbidding en die noodsaaklikheid om die wêreld se buitensporige materialisme te vermy, hooggehou word.

Dit is dikwels vandag se jeug wat die meeste aangetrokke voel tot tradisionele standpunte in die “Kultuur-oorloë”. Dit is betekenisvol dat *Wêreldjeugdae* wat eers deur Pous Johannes Paulus II bevorder was en nou deur Benediktus XVI, honderde duisende jong mense aangetrek het wie 'n behoefte het om morele lewens te lei, materialistiese waardes te verwerp en die Rooms-Katolieke geloof aan te hang (*Charlotte Observer*, 21 Julie 2008).

Historikus Paul Johnson merk op dat, gedurende sy 25-jaarlange diens as pous, het

Johannes Paulus II 'n "superster" geword – 'n wêreldfiguur wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die ineenstorting van kommunisme (sien *Heroes*, bll. 253-273), en wie herhaaldelik by Europeërs aangedring het om hul Rooms-Katolieke godsdienstige wortels te "ontdek".

Baie Protestante het die "konserwatiewe" bewegings van die Roomse Kerk verwelkom; en baie Katolieke sien die pouslike omarming van tradisie as 'n bevestiging van Rome se status as die "een ware kerk", maar hierdie standpunte ignoreer *wat Bybelse profesieë openbaar oor heersende gebeure*. In die beskrywing van die Vier Perderuiters van die Apokalips, dui die boek Openbaring duidelik aan dat *toenemende godsdienstige aktiwiteite* 'n teken sal wees dat die einde van hierdie tydperk nader kom. Die geprofeteerde Eerste Ruiter ry op 'n wit perd, dra 'n kroon en het 'n *boog* om volke te oorwin (Openbaring 6:1-2). Sommige mense glo verkeerdelik dat hierdie figuur Jesus Christus verteenwoordig, maar die Bybel beeld Christus uit met 'n *swaard* (Openbaring 19:11-15). Die individu in die Bybel wat 'n boog dra en pyle afskiet, is Satan (Efesiërs 6:16). Die eerste perderuiter in Openbaring 6 beeld dieselfde eindtydse gebeure uit as Mattheüs 24:4-5 – wat duidelik toon dat die hoof dryfkrag van eindtydse godsdienstige aktiwiteite sal wees om groot getalle mense te *mislei* en te *oorheers*!

Toe Jesus gevra was wat *die teken* van Sy Wederkoms en die einde van hierdie tydperk sou wees, het Hy gewaarsku: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want *baie* sal onder my Naam kom [My naam gebruik] en sê: Ek is die Christus! en hulle sal *baie mense* mislei" (Mattheüs 24:4-5). Jesus se antwoord onthul dat godsdiens – insluitend vals "Christelike" leermeesters – nog lank nie dood sal wees in die laaste dae nie!

Die apostel Paulus waarsku: "Maar weet dit, dat daar in die *laaste dae* swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges ... lasteraars ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n *gedaante van* ***godsaligheid het***, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af ... Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word" (2 Timotheüs 3:1-5, 13). Volgens die Skrif sal die wydverspreide oplewing van godsdienstige aktiwiteite teen die eindtyd Satan-geïnspireerd wees en sal *baie* mense mislei. Dit is die *profetiese betekenis* van wat vandag gebeur – maar daar is nog meer!

### Eindtydse ekumeniese pogings

Twee van die mees betekenisvolle gebeure oor die laaste 2 000 jaar van godsdienstige geskiedenis was die Groot Skeuring en die Hervorming. In 1054 n.C. het kerkleiers in Rome en Konstantinopel mekaar wedersyds uit die kerk geban oor dogmatiese verskille wat die Groot Skeuring veroorsaak het wat die Westelike Katolieke Kerk vir bykans 'n duisend jaar geskei het van die Oostelike Ortodokse Kerk. Die 15de eeu sien die geboorte van die Protestantse Hervorming, terwyl die ontwikkeling van die drukpers en die beskikbaarheid van Bybels in gewone tale, saamval met die wydverspreide aanklagte van korrupsie en onbybelse leerstellings in die Rooms-Katolieke Kerk. Die Hervorming het Europa verdeel tussen Protestante, oor die algemeen in die Noorde en Katolieke, oor die algemeen in die Suide, en het hewige godsdienstige botsings laat uitbroei wat vandag nog steeds smeul.

*In die laaste dekades van die 20ste eeu het dit egter gelyk of godsdienstige* geskiedenis *in trurat beweeg*! Gedurende die afgelope jare het ons die opduiking van ernstige ekumeniese pogings gesien om die versplinterde dele van wat eens 'n enkele, verenigde kerk was, weer te *herenig*. Rooms-Katolieke pouse was aan die voorpunt van hierdie beweging. Johannes Paulus II het openlik gepraat oor die genesing van die Groot Skeuring en om die Oostelike en Westelike Kerke weer bymekaar te bring. Hy het verskoning gevra vir die Kruisvaarders se plundering van Konstantinopel in die 12de eeu,

en het aan die Ortodokse Kerk verskeie aandenkings wat tydens die Kruistogte buit gemaak is, teruggegee. Die Rooms-Katolieke pous en die Ortodokse patriarg het by 'n paar geleenthede ontmoet en saam gebid; en het gesê dat hulle "geen groot struikelblok sien teen vereniging" nie. Benediktus XVI het hierdie missie met dringendheid voortgesit en is "besig om erkenning te verkry as 'n voorstaander vir Christelike eenheid" (*National Catholic Register*, 23 Julie 5 Augustus 2006).

Terwyl pouse en patriarge daarop gefokus het om die Katolieke en Ortodokse kerke nader aan mekaar te bring, gaan pogings vir Protestantse eenheid ook voort. Twee belangrike liggame van die Hervormde Kerke het samesmelting ernstig bespreek en twee belangrike Lutherse liggame het alreeds saamgesmelt. Ander private pogings, soos die "Lutherane en die Katolieke saam" is aktief besig om nouer bande tussen Rome en die Protestantse Kerke te bevorder. Konserwatiewe leiers binne die Anglikaanse Gemeenskap, omgekrap en vervreemd deur daardie versplinterde denominasie se maatreël om vrouens en homofiele te verordineer, kyk uit na 'n moontlike verskuiwing van miljoene Anglikane na Rome (*The Times*, 19 Februarie 2007).

Die laaste dekade van die 20ste eeu het ook gesien hoe 'n beweging "Antieke-Toekoms Geloof", soos voorgestaan deur die ontslape evangeliese geleerde Robert Webber, weer kop uitsteek. Hierdie beweging beklemtoon die *gemeenskaplike wortels van tradisie* wat in die na-apostoliese era van die vroeëre Kerk ontwikkel het (100600 n.C.), maar wat die *Bybel-gebaseerde leerstellings* wat deur Jesus en die Apostels in die *eerste eeu* verkondig is, i*gnoreer*. Voorstanders van hierdie beweging, hoofsaaklik uit Protestantse geledere, verkondig dat die toekoms van die kerk deur sy verlede gevind kan word, deur weer die *ryk tradisies* van die vroeëre kerk op te eis – soos dit deur die Rooms-Katolieke en Ortodokse Kerke bewaar is, maar wat Protestante "tragies" verwerp het deur te bely dat hulle slegs die Bybel volg. Gevolglik plaas baie Protestantse kerke nou hernude klem op *tradisies, sakramente en simbole* – en vervang informeel-geklede predikante en "loof orkeste" wat moderne musiek speel, met outydse kerksang, kerse, praal en liturgiese gebruike wat ontleen is aan antieke Katolisisme. Party Protestantse kerke het selfs die Katolieke gewoonte om die Maagd Maria te aanbid, herontdek (*Time*, 21 Maart 2005; *Washington Post*, 8 Maart 2008).

Een predikant het opgemerk dat sedert die aanvang van hierdie beweging, "het 'n wedloop begin van Protestante terug na die Moeder Kerk" – dit is 'n wedloop wat aangemoedig word deur individue wat die Protestantse Hervorming wil *omswaai*, omdat hulle dit sien as 'n "*onnodige skeuring* wat deur Protestante veroorsaak is" (*tottministries.org*, Junie 2008). Dit is verrassend dat Protestantse kerke so gretig is om saam te smelt met 'n Kerk wat verklaar het: "As dit nie Rooms-Katoliek is nie, dan is dit nie 'n regte Kerk nie" (*The Times*, 11 Julie 2007).

Baie ekumenies-gesinde kerkleiers glo dat die Heilige Gees hulle lei na groter eenheid (*National Catholic Register*, 23 Julie 5 Augustus 2006). Benediktus XVI, net soos Johannes Paulus II voor hom, het hierdie denkrigting aangemoedig deur gehore daaraan te herinner dat "Christus 'n Algemene Kerk wil hê" (*zenit.org*, 4 Mei 2007), en deur *gemeenskaplike grond* tussen godsdienstige groepe te soek as teenvoeter teen die sosiale euwels van ons tyd – materialisme, wêreldsheid, aborsie, huwelike tussen lede van dieselfde geslag en ander aanslae op "tradisionele" godsdienstige waardes. Interessant genoeg, het Benediktus XVI die jaar van 28 Junie 2008 tot 28 Junie 2009 aan die apostel Paulus toegewy. Hierdie "Pauliniese Jaar" sal *spesiale ekumeniese gebeure* uitbeeld wat ontwerp is as hulpmiddel in die soeke "na die *volledige eenheid* van al die dele van die versinnebeeldige liggaam van Christus ... [en] volle gemeenskap tussen die Christelike Weste en Ooste" (*UPI*, 29 Junie 2007).

Dit mag alles wonderbaarlik

geestelik klink en die gevare daaraan verbonde mag nie met die eerste opslag opsigtelik wees nie. Die moderne ekumeniese beweging, voorgestaan deur die Rooms-Katolieke pouse en baie gewillige Protestante en Oostelike Ortodokses *was egter duisende jare gelede in u Bybel voorspel*! Die profeet Jesaja was geïnspireer om te skryf oor die opkoms en val van 'n "jonkvrou, dogter van Babel" wat ook beskryf was as "gebiedster van die koninkryke" (verwys Jesaja 47). Wanneer na 'n vrou of dame in profesie verwys word, kan dit verwys na 'n kerk (verwys ook na Openbaring 12:6). Die vrou in Jesaja 47 woon in wellustige weelde (net soos die pouse gedurende die Middeleeue) en spog: "Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie" – wat beteken dat haar "kinders", die afgeskeide kerke wat uit haar voortgekom het, na haar sal terugkeer, in ooreenstemming met die Roomse Kerk se bepaalde ekumeniese doelwit. Hierdie profetiese verwysings pas met verstommende duidelikheid in met dit wat deesdae gebeur, soos Roomse pouse werk om die verstrooide kudde terug te bring na die "moederkerk" in Rome. Die profesieë in Jesaja 47 onthul egter ook dat as gevolg van "die veelheid van jou towerye ... die groot menigte van jou besweringe", (heidense leerstellings wat aan hierdie kerk gekoppel word – Paasfees [Easter], Kersfees, Vastyd [Lent], gebede aan die heiliges, die aanbidding van 'n moeder en kind, die rosekrans en ander) – hierdie "gebiedster" skielike, katastrofiese verwoesting sal ervaar (verwys Jesaja 47:8-11; Openbaring 18:1-8). Dit is die *geprofeteerde uiteinde* van Rome se pogings om die belydende Christelike kerke weer te versamel en te verenig – en selfs die ander godsdienste van die wêreld.

**Godsdiens en Europese eenheid**

Gedurende die afgelope 50 jaar het vooruitsiende leiers in Europa geknoei om die nasies van Europa te verenig ten einde toekomstige oorloë op die kontinent te voorkom en Europa in staat te stel om weereens 'n toonaangewende rol te speel op die wêreld-verhoog. Europa se moderne leiers boots bewustelik vroeëre Europese leiers na (Karel die Grote, Napoleon, en andere) wat, deur die model van die Romeinse Ryk te volg, probeer het om Europa te verenig. Alhoewel die huidige oes van Europese leiers geworstel het met 'n magdom wettiese en ekonomiese verdrae wat beplan was om die kontinent te verenig, het opmerksame analiste soos historikus Boris Johnson opgemerk dat *godsdiens* – aanbidding van die keiser – 'n *sleutel-faktor* was in die behoud van die eenheid van die Romeinse Ryk (*The Dream of Rome*, bll. 95100,193). Dit was 'n Roomse pous wat Karel die Grote gekroon het en wettigheid verleen het aan sy pogings om die kontinent te oorwin en te verenig en die Roomse Kerk het die "heilige" dimensie verleen vir die sogenaamde "Heilige Romeinse Ryk" wat 'n groot deel van Europa vir meer as 'n duisend jaar domineer het (800 1800 n.C.). Baie nie-Europeërs faal om te besef dat die idee van 'n verenigde Europa "essensieel 'n Katolieke konsep" is, dat die Stigting-vaders van die moderne Europese Unie, Alcide de Gasperi, Robert Shuman en Konrad Adenhauer, almal getroue Rooms-Katolieke was en dat hierdie stigters almal deur die Vatikaan op die weg na heiligheid geplaas is omdat hulle die Europese Gemeenskap gestig het "op Rooms-Katolieke beginsels" (verwys na *The Principality and Power of Europe*, Hilton, bll. 3839).

Die Rooms-Katolieke Kerk verstaan dat *godsdiens* een van die dryfvere van die geskiedenis is. Vir baie dekades het Johannes Paulus II, en nou Benediktus XVI, die noodsaaklike rol beklemtoon wat godsdiens in die vereniging van die nasies van Europa moet speel. Benediktus het geskryf: "Enigiemand wat Europa vandag wil bou ... kan nie staatmaak op 'n abstrakte dryfveer wat niks van God af weet nie ... die groot waardes en waarhede van die Christelike geloof – waardes wat die individuele Christelike denominasies oorkoepel omdat hulle gemeenskaplik vir almal is – is *onvervangbare magte* in die konstruksie van 'n verenigde Europa" (*Europe Today and*

*Tomorrow*, Ratzinger, bl. 117). Johannes Paulus II het gesê: "Die identiteit van Europa is *onverstaanbaar* sonder Christelikheid.... Mens sny nie die wortels af waaruit jy gebore is nie ... Mag Europa homself wees en hom vereenselwig met sy Christelike wortels" (*Without Roots*, Ratzinger & Pera, bl. 35). Benediktus het dit beklemtoon dat beide Oostelike en Westelike Europa 'n gemeenskaplike kerklike herkoms deel, dat "beide Oos en Wes erfgename van die Bybel was en van die antieke Kerk ... beide deel die idee van 'n Ryk [wat versplinter was deur die opkoms van nasie-state] ... [hulle deel ook] kloosterlewe ... 'n *pre-politieke* en *supra-politieke* mag ... [wat ondersteuning verleen het] vir die hergeboorte van kultuur en beskawing" in Europa (*Without Roots*, bll. 5556).

Dit mag op die oppervlakte lyk of Europa besig is om "onchristelik" te raak en die geloof te versaak om 'n wêreldse droom van ekonomiese en politieke eenheid na te jaag. Die *eksterne bedreiging* van Islam en die noodsaaklikheid vir 'n *supra-nasionale faktor om 'n grondslag vir eenheid te voorsien*, blaas die vlamme van godsdiens op die kontinent aan waar dit lyk of die Christendom op die punt staan om weer terug te keer (*God's Continent*, Jenkins, bll. 1, 14, 25).

Soos baie waarnemers van Benediktus XVI opgemerk het: "Hierdie pous beoog om Europa weer te verower, indien nie in getalle nie, dan by die politieke tafel" (*Pope Seeks Greater Role for Catholics in Europe on Policy Issues, New York Times,* 20 September 2008).

Benediktus XVI het geskiedkundige Arnold Toynbee se idee bevorder dat die genesing van Europa se sekulêre materialistiese krisis daarin lê dat "kreatiewe minderhede" ... weer 'n "*godsdienstige dimensie moet inbring* ... veral die erfenis van Westerse Christelikheid" (*Without Roots*, bl. 68). In navolging van dieselfde tema, het Protestantse en Katolieke kerkleiers in 2001 'n ekumeniese dokument onderteken – *Charta Oecumenica* – waarin hulle plegtig onderneem om saam te bid, saam te preek, saam op te tree "en *Europa saam te bou*". Om Islam se bedreiging teen die waardes van die Westerse beskawing teen te werk, het sommige politici Europeërs aangemoedig om vredeliewendheid te verwerp en hul eie identiteit en kultuur te beskerm – "*deur geweld*", indien nodig – wat sekerlik die militante godsdiens van die Eerste Perderuiter van die Apokalips in die geheue oproep (*Without Roots*, bl. 93). Dus, wat hou die toekoms vir Europa in en watter rol gaan geestelike leiers speel?

**Roomse Pouse en Profesie**

Benediktus XVI het geskryf "ons kan nie in die toekoms sien nie" en "ons weet nie hoe dinge in die toekoms in Europa sal gaan nie" (*Without Roots*, bll. 68, 80). In werklikheid *openbaar* Bybelse profesieë egter *wel* wat die toekoms vir Europa inhou en verduidelik die rol wat geestelike leiers in die toekoms gaan speel. Die boek van Daniël beskryf 'n groot beeld waarvan die voete en tone die *finale fase* van 'n regering uitbeeld – met sy erfenis vanuit die Romeinse Ryk – wat vernietig sal word met Jesus Christus se Wederkoms (Daniël 2:4045). Daniël beskryf ook 'n groot dier met tien horings (wat tien herlewings uitbeeld) en skryf van 'n "klein horinkie" wat die laaste sewe herlewings domineer, groot woorde spreek, oorlog voer teen die heiliges en tye van die kalender (tye) en wette verander (sien Daniël 7). Die geskiedenis maak melding van verskeie pogings om die Romeinse Ryk te laat "herleef" en in werklikheid het die pouse in Rome dit ondersteun en in sommige gevalle selfs baie van daardie Europese leiers gekroon, soos byvoorbeeld Karel die Grote. Die geskiedenis vermeld ook dat die Roomse Kerk Sabbatonderhouding onwettig verklaar het ten gunste van Sondag en die Bybelse Heilige Dae vervang het met heidense vakansiedae wat Paasfees [Easter] en Kersfees insluit.

Eindtydse profesieë in die Nuwe Testament beskryf 'n dier met sewe koppe (die laaste sewe horings van die dier van Daniël 7). Een van die dier se koppe sal dodelik verwond word, maar sal genees en herleef, wat die *hele wêreld* sal verstom en as 'n gevolg ontelbare miljoene

mense sal aanspoor om die dier te volg (Openbaring 13:14).

Wat is hierdie oorlogvoerende dier? Dit is 'n Europese politieke stelsel, bemagtig deur Satan, wat "'n gees" [lewe] gegee sal word deur 'n lam-agtige dier wat *groot tekens* sal doen en die bewoners van die aarde *verlei* (Openbaring 13:11-15). Hierdie lam-agtige dier is 'n *prominente geestelike persoon* wat, deur wonderwerke te verrig, mense sal beïnvloed om die herleefde politieke dier te volg en te aanbid. Die Skrif beskryf verder hierdie geestelike persoon as 'n luisterryke geklede "groot hoer" wat die bewoners van die aarde beïnvloed het met haar leringe, owerspel bedryf het (intieme verhoudings aangegaan het) met die konings van die aarde en wie advies en raad gee aan die politieke dier (Openbaring 17:1-4).

Vergelyk hierdie beskrywing met die Rooms-Katolieke Kerk wat sy leerstelling, vermeng met heidense begrippe en gebruike, reg oor die wêreld versprei het. Daardie kerk, "die enigste van al die gelowe, is 'n diplomatieke speler" op die wêreldverhoog (*The Economist*, 21 Julie 2007) – en dit is betekenisvol dat die pouse daarvan onverpoos gewerk het om Europese eenheid te bevorder. Inderdaad, "die Vatikaan het een van die wêreld se besigste maar onbekendste diplomatieke dienste" (*ibid.*) – met volle bande tot 174 nasies en verteenwoordig eintlik die Heilige Stoel, nie die Vatikaanse staat nie. Wanneer die Heilige Stoel – alreeds die grootste nie-regeringsorganisasie in die wêreld – nouer verbind word met die Europese Unie en dié se jong, ontwikkelende diplomatieke korps, sal dit die pouslike invloed dramaties uitbrei, nie slegs in Europa nie, maar reg oor die wêreld en die Roomse Kerk 'n politieke mag maak waarmee rekening gehou moet word!

Die "groot hoer" van Openbaring 17 is ook bevlek met die bloed van heilige martelare. Die Rooms-Katolieke Kerk het die Inkwisisie gelei, wat die bloed gestort het van ontelbare Christene wat nie die Rooms-Katolieke leerstellings wou aanvaar nie. Daardie kerk word ook die "moeder van die hoere" genoem – sy het geboorte geskenk aan "dogter" kerke wat sy sal probeer terugbring onder haar vlerke, soos voorspel in Jesaja 47. Ja, die "sewe susters" – 'n term wat dikwels deur hoofstroom Protestantse denominasies gebruik word om hulself te beskryf – sal uiteindelik terugkeer na hul "moeder". Hierdie terugkeer sal verhaas word deur klaarblyklike wonderwerke wat gedoen sal word deur 'n prominente Roomse leier wat in die Bybel "die mens van sonde" en "die ongeregtige" (2 Thessalonicense 2:1-11) genoem word. *Hierdie terugkeer na Rome sal geskied net voor die Wederkoms van Jesus Christus*, en word na verwys as "die afval" (wat 'n geloofsversaking of opstand [rebellie] beteken).

Ons lewe in kommerwekkende en profeties-betekenisvolle tye! Die herrysing van godsdiens op die wêreldverhoog – en die toenemende vernaamheid van die Rooms-Katolieke Kerk in daardie herrysing – kan deesdae duidelik gesien word. Namate die Rooms-Katolieke Kerk groter aansien nastreef, sien ons toenemende ekumeniese pogings om die Groot Skeuring te *heel* en selfs die Protestantse Hervorming *om te keer* – ontwikkelings wat die "horlosie sal terugdraai" vir twee baie belangrike keerpunte in die geskiedenis van die Westerse beskawing. Bybelse profesie toon dat huidige bewegings van belydende Christelike kerke terug na Rome sal versnel namate ons die einde van hierdie tydvak nader, *net voor Jesus Christus se terugkeer na hierdie aarde*. Hierdie terugkeer na Rome sal aangehelp word deur 'n prominente godsdiens-figuur wat bonatuurlike tekens en wonders sal aanwend om die eenwording van Europa te bevorder en die samestelling van 'n "Universele [wêreldwye] Kerk". Alhoewel wêreldse media en geleerdes hierdie wêreld-veranderende neiging grootliks ignoreer, kan God ***u*** help om die *profetiese betekenis* van hierdie tye waarin ons leef, te verstaan. Dit is nie nodig dat u bedrieg word deur die pogings om alle belydende Christene onder die banier van Rome te bring nie!

WvM

# Danksegging en ons nasionale doel

*Deur* **Richard F. Ames**

Op Danksegingsdag vergader miljoene mense saam met hul gesinne en vriende om 'n goeie maaltyd en die samesyn, en die seëninge om in 'n welvarende nasie te woon, te geniet. Hulle geniet die seëninge van vryheid en geleenthede wat dit bied. Maar dank hulle God vir al die seëninge? Verstaan hulle waarom hulle nasie so geseënd is? In besonder, verstaan ons, wat in Amerika en die Brits-afstammende nasies woon, waarom ons ongeëwenaarde seëninge in die geskiedenis van die mensdom ontvang het?

Of u nou ook al die vierde Donderdag in November soos in die Verenigde State, of die tweede Maandag in Oktober, soos in Kanada, vier, is Danksegingsdag 'n tyd wanneer mense veronderstel is om hul seëninge te tel. Ons wat in hierdie nasies leef, het ongeëwenaarde seëninge in die mensdom se geskiedenis ontvang. Die Verenigde State van Amerika en die Britse Statebond het in die 20ste eeu die rykste en magtigste nasie en groep nasies in die wêreld geword. Maar daardie nasionale mag en aansien het grootliks afgeneem. Die Verenigde State was eenmaal 'n ekonomiese kragreus en nasies regoor die wêreld het gretig sy uitvoerprodukte gekoop. Vandag is die Verenigde State egter die wêreld se grootste skuldenaar, met 'n nasionale nadelige saldo van $8.5 biljoen – meer as $28 000 vir elke Amerikaanse man, vrou en kind.

Hoe het die Verenigde State en die ander Engelssprekende nasies soveel seëninge verwerf? Dink aan die ontwikkeling van die Noord-Amerikaanse kontinent. Daar was die Engelse se baanbreker nedersettings in Jamestown, Virginia in 1607; die Hollandse nedersetting in wat nou Albanië, NY. is in ongeveer 1614; die Pelgrims het in 1620 in Plymouth, Massachusets aangeland. Na 'n strawwe en rampspoedige winter het hulle dank aan God gebring vir hul oes in 1621, in wat die historici beskou as die eerste Danksegingsdag!

In presies 70 jaar, van 1783 tot 1853, nadat die dertien kolonies die Verenigde State geword het, het die jong nasie grond bekom om hul kontinentale uitgestrektheid uit te brei "van see na glinsterende see". Die grootste gronduitbreiding was in 1803, onder President Thomas Jefferson, toe die Franse die Louisiana Gebied aan die Verenigde State verkoop het vir slegs $15 miljoen – slegs 5 sent per akker! Dit word beweer dat die Franse Keiser Napoleon opgemerk het: "Hierdie verkryging van grondgebied bekragtig vir ewig die mag van die Verenigde State".

Oor die jare het die Verenigde State voortgegaan om ekonomies en militêr te ontwikkel. Na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog het die Britse Eerste-Minister, Winston Churchill, in sy toespraak voor die Engelse Laerhuis gesê: "Ek moet na die Verenigde State draai, saam met wie ons voorspoed en belange vervleg is ... Die Amerikaners ... het vandag die grootste staat en mag in die wêreld geword, hulle praat ons taal, waardeer ons gemene reg, en strewe ... dieselfde ideale na" (28 Oktober 1947).

**Waarom soveel seëninge?**

Is daar 'n Bybelse en geskiedkundige rede vir hierdie mag? Wat is werklik die bron van al hierdie nasionale seëninge? Die antwoord openbaar ons nasionale doel – en u mag verras wees om te leer dat die antwoord begin met die geskiedenis van die aartsvader Abraham. God het 'n ooreenkoms met Abraham aangegaan, en dit is deur Abraham se geloof dat ons geseënd is.

God het Abraham beproef en hom aangesê om sy seun, Isak, te offer. Abraham het in die geloof gehoorsaam, en God het Isak se lewe gespaar! Wat het God, as gevolg hiervan, aan Abraham gesê? "Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het" (Genesis 22:16-18).

Let op dat Abraham se nageslag "die poort van sy vyande in besit sal neem". Regdeur 'n groot deel van die 20ste eeu het Amerika en Brittanje inderdaad die meeste van die wêreld se seepoorte beheer. As gevolg van ons nasionale sondes het God egter begin om daardie beheer weg te neem.

Wat het daardie antieke verbond met ons vandag te doen? God het Sy verbond met Abraham aan sy seun, Isak, herbevestig en later weer met Isak se seun Jakob (wie se naam verander is na Israel). Jakob het twaalf seuns gehad, insluitende Juda en Josef. Josef het twee seuns gehad, Efraim en Manasse.

Die Skrif boekstaaf dat Jakob hierdie seën aan sy kleinseuns, Efraim en Manasse oorgedra het: "die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het – mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle [Efraim en Manasse] my naam [Israel] genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte" (Genesis 48:16).

Hierdie seëninge word die geboortereg-beloftes genoem. Hierdie profetiese beloftes wat rykdom, oorvloed, militêre mag en internasionale oorheersing insluit, sou in die afstammelinge van Josef vervul word. Dit mag 'n verrassing vir baie van u wees, maar daardie goddelike seëninge wat aan Manasse en Efraim gegee was, is vervul in die Verenigde State van Amerika en die nasies van Britse afstamming. Gereelde lesers van hierdie tydskrif is reeds vertroud met hierdie verstommende Bybelse waarheid. Indien u nie alreeds hierdie waarheid aan uself bewys het nie, skryf asseblief om u gratis kopie van ons insiggewende boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*? of lees dit aanlyn by www.wvm.co.za

**'n Goeie land**

Bedink u nasie se seëninge in verband met hierdie goddelike belofte: "Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning; 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap" (Deuteronomium 8:7-9).

Amerika se nasionale erfenis omsluit groot natuurprag, vrugbare landbougrond en ryk minerale neerslae vir nywerheidsontwikkeling. Maar het ons die bron van daardie seëninge herken – en geëer? Sal ons Westerse nasies nog langer bly bestaan? Oorweeg God se waarskuwing: "en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie" (Deuteronomium 8:10-11).

Het ons ag geslaan op daardie waarskuwing, individueel en as 'n nasie? Nasionale sondes bring nasionale strawwe mee, soos President Abraham Lincoln besef het. Toe hy 30 April 1863 as nasionale vasdag verklaar het, het Lincoln gesê: "Dit is die plig van nasies, sowel as enkelinge, om hul afhanklikheid te besit onder die oppermag van God ... en om die goddelike waarheid te erken, soos aangekondig in die Heilige Geskrifte en bewys is deur die ganse geskiedenis, dat slegs daardie nasies geseënd is wie se God die Here is".

Lincoln het erken dat God die ware bron van seëninge is, nasionaal en individueel. ***Ons nasionale doel moet erkenning aan ons Skepper insluit!*** Erken u nasie die oppergesag van God? Of is dit so wêrelds en ondankbaar dat dit God die rug toegekeer het? Dank u persoonlik die Almagtige God vir al die seëninge wat ons so dikwels as vanselfsprekend aanvaar? Kyk wat die apostel Jakobus skryf: "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie" (Jakobus 1:17). Alles wat u in hierdie lewe geniet wat werklik goed is, kom van God, die gewer van elke goeie en volmaakte gawe. Abraham Lincoln het die Amerikaanse volk daaraan herinner om daardie feit as nasie te erken!

**Politieke retoriek of lewensbelangrike waarheid?**

Wat gebeur wanneer 'n land 'n nasionale doel kortkom? In die Verenigde State praat politici dikwels oor die belangrikheid van 'n nasionale doel. Tydens sy eerste presidensiële veldtog, het Senator John McCain dikwels van 'n nasionale doel gepraat. Toe hy verlede jaar tydens die Republikeinse Nasionale Konvensie die woord gevoer het, het hy gewaarsku: "Tensy ons die volk se soewereiniteit oor die regering herstel, hulle trots in die staatsdiens herstel, ons openbare instellings hervorm om die uitdagings van 'n nuwe dag te ontmoet en ons ***nasionale doel*** weer versterk, sal Amerika se beste dae agter ons rug wees". Dit is nie slegs 'n Republikeinse tema nie; ondersteuners van die Demokratiese kandidaat, Barack Obama, het dit herhaal, soos ook Nieu-Mexico se goewerneur Bill Richardson toe hy verlede Maart op die 21ste, aan Oregon se Demokrate gesê het: "Barak weet dat die veiligheid en toekoms van elke Amerikaanse kind vereis dat ons ons ***nasionale doel*** waarin ons almal deel het, moet herstel, sodat ons dan kan begin met die harde werk om ons verwantskappe te herbou en ons beeld in 'n gevaarlike wêreld te herstel".

Sewe-en-veertig jaar gelede het Senator James Fulbright opgemerk dat Amerika besig is om sy rigting te verloor. Hy het gewaarsku: "Groter karre, groter parkeerterreine, groter korporatiewe strukture, groter plase, groter aptekerswinkels, groter supermarkte, groter rolprentskerms. Die tasbare en die funksionele brei uit terwyl die ontasbare en die mooie krimp. Die ***nasionale doel*** is gelaat om te verwelk ... Die nasionale dialoog raak geleidelik verlore in die skuim van misleidende self-gelukwensing en cliché. Nasionale behoeftes en belange word stadig verswelg deur nasionale besorgdheid oor die ontoepaslike".

Byna 'n halfeeu na Fulbright, met hierdie jaar se Presidensiële kandidate se retoriek nog vars in ons geheue, behoort ons onsself af te vra: Het ons ons nasionale doel weer versterk, of het ons

toegelaat dat dit verwelk? Verstaan ons ooit wat daardie doel is? Is dit ons nasionale doel om die wêreld se magtigste en welvarendste nasie te wees? Ons het reeds gesien dat die Verenigde State die wêreld se *grootste skuldenaar-nasie* is. Is dit ons nasionale doel om vryheid en demokrasie uit te brei na elke nasie op aarde? Dit is nodig dat ons verstaan dat alle nasies *werklike vryheid* kan geniet wanneer hulle die Waarheid van die Bybel gehoorsaam is. Jesus sê: "En julle sal die waarheid ken, en die *waarheid* sal julle *vrymaak*" (Johannes 8:32). Toe Hy na die Skepper van al die nasies verwys het, het Jesus gebid: "U woord is die waarheid" (Johannes 17:17). Het ons ons lig laat skyn deur daardie waarheid uit te leef? Doen ons ons deel om daardie waarheid beskikbaar te stel aan die hele wêreld?

Is u nasie gemoeid met die ontoepaslike, of erken dit die Bron van ons doel – en van ons baie seëninge? Wanneer ons Danksegging [*Thanksgiving*] vier, behoort ons te vra: "Aan wie gee ons dank?" Aan Almagtige God en Jesus Christus? Of aanbid ons die dollar, die pond, die euro, die peso, of die yen? Die Amerikaanse muntstukke en geldeenheid verklaar: "In God We Trust. [Ons vertrou op God]." Indien ons nasie nie ons slagspreuk uitleef nie, sal ons nie standhou nie. Maar u en ek moet *in ons eie lewens* voorbeelde wees van daardie slagspreuk en daardie Bybelse beginsel!

Die Westerse nasies het 'n reputasie dat hulle materialisties is. Verbruikers-spandering dryf ons ekonomië aan. In die Verenigde State is die dag na Danksegging een van die besigste inkopie-dae van die jaar en is die bynaam "Swart Vrydag" gegee, wanneer miljoene mense na die inkopie-sentrums stroom op soek na winskopies in verbruikersgoedere. [Die naam is ontleen aan die besighede se verwagting dat hul boeke na daardie dag weer uit die rooi in die swart sal wees.] Die Nasionale Kleinhandelsfederasie het selfs vorendag gekom met die uitdrukking "Kuber-Maandag," vir die Maandag ná Danksegging, omdat beweer word dat aanlyn verkope dan 'n hoogtepunt bereik.

Ja, ons nasies is bekend vir hulle materialisme en ingesteldheid op geld. Die apostel Paulus het voorspel dat hierdie karaktereienskap – saam met ander wat ons sal kan uitken – prominent sal wees aan die einde van hierdie tydvak: "Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Timotheüs 3:2-5).

Ydelheid, hoogmoed en ondankbaarheid is sondes wat enige kultuur of beskawing sal vernietig. Dekades gelede, toe Indië se Mohandas Gandhi, sy siening oor die Westerse beskawing gevra was, het hy geantwoord: "Ek dink dit sal 'n goeie idee wees." Hy het die ydelheid van 'n groot deel van ons Westerse wêreld raakgesien. Enige vroom beskawing behoort die egte lewenswaardes te bevorder, nie die vals waardes van materialisme, ydelheid en hoogmoed nie.

God waarsku ons om nie op ons voorspoed of besittings te vertrou nie. Eerder as om ons te verbeel dat ons voorspoed deur ons eie inspanning verkry is, behoort ons te verstaan dat dit God is wat aan ons die vermoë geskenk het om die rykdom te verwerf (Deuteronomium 8:17-18). Hy waarsku ons: "Maar as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die HERE julle God nie geluister het nie" (Deuteronomium 8:19-20).

Dit is 'n baie ernstige waarskuwing oor die lot van enige land wat deur God geseënd was. Tydens Danksegging gee ons dank aan God vir die prag en oorvloed waarmee Hy ons lande geseën het. Maar ons behoort terselfdertyd diep bekommerd te wees aangesien ons nasionale karakter meer en meer besoedeld raak deur sedeloosheid. Sal ons Westerse nasies voortgaan om ongehoorsaam te wees aan die Tien Gebooie en meer en meer die Bybelse waarhede *te verwerp*, dit wat eenmaal tot ons voorspoed gelei het en wat tot *ware* lewe, vryheid en vreugde lei?

**Is ons dankbaar?**

Die meeste van ons wat hierdie jaar Dankseggingsdag sal vier, is onder die mees materieel geseënde mense op planeet Aarde. Selfs die armste Amerikaners en Kanadese geniet gerief en gemak wat die grootste deel van die wêreldbevolking hulle skaars kan indink. Ons vind nogtans baie om oor te kla.

Wat is die teengif vir hierdie klaery? Die teengif teen klaery is danksegging! Is u dankbaar dat u in 'n relatief welvarende nasie woon? Dat u vryheid het om te aanbid volgens u gewete? Dat u baie geleenthede het om te groei in onderwys en menslike potensiaal? Dat u 'n familie, vriende en moontlik selfs 'n goeie werk het? Ons behoort selfs dankbaar te wees vir die sonskyn en vars lug om ons, en vir die kos en drinkgoed wat ons in staat is om te geniet.

Vir Christene is die grootste voordele egter geestelik! Ons dank God vir die offer van Sy Seun wat vir ons sondes betaal het. Ons is dankbaar vir God se vergifnis en Sy genade. Onthou, Jesus leer ons om te bid: "vergeef ons ons

skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Mattheüs 6:12). Ons is dankbaar vir die gawe van die Heilige Gees na bekering en doop (Handelinge 2:38). Ons is nie slegs dankbaar vir Jesus se offer nie, maar ook dat Hy lewe as ons Hoëpriester, Redder en Middelaar! "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir ... [ons] in te tree" (Hebreërs 7:25). Ons is dankbaar dat Jesus Christus lewe! Neem kennis van hierdie wonderlike waarheid: "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is" (Romeine 5:10). Hy is ons lewende Redder en ons Groot Hoëpriester, soos die boek Hebreërs beklemtoon! En Hy keer terug as Koning van die konings en Here van die here!

Vandag se Christene is ook dankbaar oor die beloofde toekoms. Ons is dankbaar vir die ware Evangelie – die boodskap wat Jesus verkondig het oor die toekomstige Koninkryk van God, wanneer alle nasie die weg van vrede sal leer. Ons weet dat die wêreld nie sal vergaan in 'n kernvernietinging nie of uitgeblus sal word deur 'n biologiese pandemie nie – want Jesus Christus het belowe om, terwille van die uitverkorenes, net betyds terug te keer om te verhoed dat ons onsself vernietig (Mattheüs 24:22)!

Die wêreld het die Koninkryk van God op aarde ***nodig***. Besef u in hoe 'n mate u geseënd is in vergeleke met baie lande regoor die wêreld? In Oktober 2008 het die Verenigde Nasies die 49 lande waar die jaarlikse per kapita bruto inkomste per persoon, laer as $750 is, as die "Lande wat Minste Ontwikkeld" is, gelys. Baie van daardie lande het 'n jaarlikse inkomste per persoon van laer as $400! Kan u u indink hoe mens in soveel armoede kan leef? Hoe dankbaar is u? Onthou, Jesus het gesê: "En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorvloediger eis" (Lukas 12:48). Ons moet getroue rentmeesters van ons seëninge wees, en ons moet gewillig wees, nasionaal en individueel, om aan ander mense te gee. Ons behoort veral die ***goeie nuus van die Evangelie aan die res van die wêreld te gee!*** Dit behoort ons ***nasionale doel*** te wees om volgens God se lewensweg te lewe – en om daardie lewensweg met die res van die wêreld te deel! God se weë behoort ons nasie se weë te wees. Gee aandag aan hierdie woorde van Moses: "Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk" (Deuteronomium 4:5-6).

Ja, God sal daardie nasies seën wat besef dat hulle nasionale doel is om te groei in goddelike karakter – om Bybelse waardes uit te leef as skynende ligte in 'n donker wêreld, om te leef volgens God se eie Tien Gebooie en volgens Sy insettinge en verordeninge; en om die goeie nuus van Sy toekomstige Koninkryk, wat deur Jesus Christus, die Koning van die konings, regeer sal word, te verkondig!

Sal ons ons nasionale doel as 'n dankbare volk verwesenlik? Terwyl ons Danksseggingsdag vier, behoort ons te onthou: Enige ondankbare nasie wat weier om onderworpe te wees aas sy Skepper, is besig om die saad van sy eie ondergang te saai. God is egter geduldig! Hy skenk ons 'n bietjie meer tyd om ons lewens, individueel en as 'n nasie, te verander. God "wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Petrus 3:9).

Ja, daar is goeie nuus vir die toekoms. Die meeste mense wat Dankseggingsdag vier, weet nie dat die Bybel 'n toekomstige tyd voorspel wanneer die hele wêreld 'n Bybelse Danksegging sal vier nie – bekend as die Huttefees. Onder die Koning van die konings en Here van die here, sal alle nasies na Jerusalem optrek om die Huttefees te vier! Die Skrif beskryf 'n toekomstige wêreld wat vrede sal beleef onder die heerskappy van die Messias, Jesus Christus, wanneer Hy terugkeer na Jerusalem, die toekomstige hoofstad van die wêreld. "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide" (Sagaria 14:4). En wie sal oor die aarde heers na Christus se wederkoms? "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een" (vers 9).

Ja, die Messias, Jesus Christus sal alle nasies verenig onder Sy heerskappy. Hy sal verteenwoordigers van die nasies na Jerusalem bring om te aanbid tydens die jaarlikse fees, genaamd die Huttefees of Fees van Tabernakels. Daar kom 'n tyd wanneer alle nasies die Koning van die konings met danksegging sal aanbid (vers 16). Tot dan het God aan Sy Kerk die opdrag gegee om daardie toekomsblik met alle nasies te deel en om alle nasies en mense te roep tot bekering (Handelinge 17:30).

Mag ons almal met dankbaarheid vervul wees vir God se wil en vir die liefde van God en Jesus Christus. Mag ons daarna streef om die bron van al ons persoonlike en nasionale seëninge lief te hê, te gehoorsaam en te dien. Soos die apostel Paulus in 1 Korinthiërs 15:57 skryf: "Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus." WvM

# Wie sal die golwe regeer?

***Deur* Rod McNair**

In 1405 het die Ming dinastie se admiraal Zheng He met 27 800 matrose onder sy bevel, wat 62 groot Chinese skepe beman het, onder seil gegaan vir 'n seevaart wat hom deur die grootste deel van Suid-Asië geneem het. "Oor die volgende 28 jaar het Zheng He se eskader ses ander groot seevaarte aangedurf. Dit was 'n weergalose versameling van seemag. Die skepe, wat kollektief as 'swemmende drake' beskryf was, het gespog met soveel as nege maste elk; en die grootste een van hulle kon 1,000 mense aan boord neem. Hulle was besaai met drake-oë om hulle te help 'sien' en het soldate, dokters, kokke, tolke, sterrekundiges, handelaars en heilige manne aan boord gehad. Die senior kapteins was eunugs. Die ekspedisie het bykans 300,000 km afgelê, rofweg 7½ omvarings van die wêreld" ("*In the Wake of the Admiral," TIME Magazine*, 20-27 Augustus 2001). Zheng He se seevaarte het handels en diplomatieke bande met 35 lande vir China geopen en het die weg gebaan vir Chinese immigrasie regdeur Suidoos-Asië. Maar na sy afsterwe (iewers tussen 1433 en 1436), het China skielik teruggekeer na sy afgesonderde verlede en sy voorrang as seemag verloor.

Ses honderd jaar later is China nou gereed om 'n toonaangewende seemoondheid in die Stille Oseaan te word. 'n Opnuut besielde "Volksbevrydende Vloot" beoog nou om 'n ware "diepwater" vloot te word – 'n oseaan-varende vloot wat in staat sal wees om sy mag te projekteer ver buite sy kusgebiede. Wat hou dit in vir die toekoms van Amerikaans-Chinese verhoudings? Moet die Verenigde State China verwelkom as 'n vennoot in die wêreldwye ekonomiese gemeenskap, of as potensieel 'n dodelike mededinger? Sal die Verenigde State voortgaan om, vir die volgende paar dekades, ongeëwenaarde militêre oppermag in die Stille Oseaan te geniet? Kan u Bybel enige lig op dit alles werp?

## Wedywering om beheer van die golwe

Namate China se huidige militêre ambisies die status quo van die Oos-Asiatiese militêre balans verander, hoe sal die ander Suid-Asiatiese nasies daarop reageer? Baie van China se bure bejeën nie sy groeiende invloed gunstig nie. Skrywers Andrew Nathan en Robert Ross merk op: "China is 'n reuse land, in die middel van sy streek geleë en omring deur onafhanklike, selfgeldende, kleiner lande wat meestal van China verskil, beide etnies en ideologies. Sy streekverhoudings word gekenmerk deur wantroue. China het histories invloed uitgeoefen in baie nabygeleë lande wat hulle versigtig maak vir sy hedendaagse opkomende mag" (*Great Wall and Empty Fortress: China's Search for Security*, bl. 8). Sal streeks Asiatiese wedywerings verander in uit-en-uit kompetisie om beheer oor seestrate? Kan jaloesie en wantroue oorlog ontketen tussen wedywerende Stille Oseaan-nasies wat probeer om hul belange te beskerm?

*Dit gebeur alreeds*! Ses verskillende Suid-Asiatiese lande maak aanspraak op dele van die potensieel olie-ryke Spratlie- en Parasel-eilande – insluitende China – en botsings daar is nie seldsaam nie. Twintig jaar gelede het meer as 70 Viëtnamese matrose in die Spratlie-eilande gesterf in 'n gewapende geveg met Chinese skepe. In 1999 het China die Filippynse Vloot gewaarsku dat hulle geweld sal gebruik indien die Filippyne nie 'n skip, wat gestrand het in die gebied waarop China aanspraak maak, verwyder nie ("*RP Navy blinks, sends tugboats to tow 'Benguet*'," *Today*, 16 November 1999). Die Filippynse Verteenwoordiger, Roilo Golez

het die Chinese dreigement om geweld te gebruik, venynig gekritiseer: "[China] gebruik nou sy militêre spiere om klein, hulpelose nasies uit die pad te elmboog, sodat hy die hele Suid-Chinese See sy eie meer kan maak. Die tier is altoos op die uitkyk vir klein Tibette om te verslind" (*ibid*.)

China se verhouding met Japan is ook met spanning belaai. In *China: Fragile Superpower*, skryf Susan Shirk: "Verhoudings tussen China en Amerika se nouste bondgenoot, Japan, het oor die laaste paar jaar gevaarlik bitsig geword. Die vaartuie van die Chinese Volk se Bevrydingsvloot het begin om die waters van die Oos-Chinese See te patrolleer, naby die Diaoyu-eilande, waarop beide China en Japan aanspraak maak" (bl.4). Dosyne Koreaanse soldate het ook in 1999 en 2002 gesneuwel in gevegte oor ander betwiste seegrens.

**Van wedywering tot wapenwedloop**

Dit is egter nie net toevallige geskille wat beleidmakers in Amerika verontrus nie. Die uitbreiding van wapen-ophoping – nie net deur China nie – in 'n alreeds plofbare omgewing, is meer kommerwekkend. Terwyl China voortgaan om teen 'n ontstellende tempo militêre uitbreiding na te jaag, merk *Jane's Fighting Ships* op dat ander "vlote van Suidoos-Asië ook 'aan die beweeg' is. Indonesië beoog om sy vloot binne vyf jaar met 20 000 matrose en 10 000 seesoldate uit te brei, terwyl Singapoer se eerste duikboot so pas in April vervoer is na sy tuisbasis en die tweede sal in 2001 volg ... Taiwan en Korea spandeer meer op skepe en tegnologiese toerusting, terwyl Japan sy verdedigingstrategie verander het om voorsiening te maak vir aanvalsvoorkoming teen vyandige projektielbasisse, nadat twee Noord-Koreaanse spioenskepe sy gebiedswaters verlede jaar binnegedring het" (" '*Sudden' East Asia violence feared*," *Today*, 10 Mei 2000). Teen 1997 het Thailand selfs 'n vliegdekskip, genaamd *Chakri Narvebet*, aangeskaf ("*Force Modernization Trends In Southeast Asia," Institute of Defence and Strategic Studies working paper*, Januarie 2004).

Indië, China se suidelike buurman, brei ook sy vlootvermoë uit. "Die Indiërs is bang China se rede om hawens in Myanmar, Parkistan en Sri Lanka te bou en vlootoefeninge saam met Parkistan uit te voer, is om sy oorheersing tot in die Indiese Oseaan uit te brei.... Op sy beurt druk Indië in die Suid-Chinese See in en soek hawegeriewe in Viëtnam" ("*Into the wide blue yonder," The Economist*, 5 Junie 2008).

**Lewensnoodsaaklike, kwesbare seestrate**

Wat veroorsaak hierdie vloot-opbouing in Suid-Asië? Waarom die groeiende belangstelling in beter militêre bates en vermoëns vir die vloot? Een rede is eenvoudig die ekonomiese groei van die betrokke lande. Ekonomiese oplewing het die finansies voorsien wat die lande nodig het om hulle militêre magte op te gradeer en te ontwikkel. Namate nasies sien dat China en ander bure beter militêre vermoëns bekom, word hulle gemotiveer om ook tred te hou.

Nog 'n rede vir vlootopbouing, is die onttrekking van die Amerikaanse magte uit basisse in die streek. In 1992 het Amerika uit die Clarke Lugmagbasis en die Subicbaai Vlootbasis in die Filippyne onttrek. In 2004 is 'n plan in werking gestel sodat Amerika 'n derde van sy magte uit Suid-Korea kan onttrek. "Die afskaling van Amerikaanse magte behoort die neiging wat nou al 'n paar jaar aan die gang is, te bespoedig, sodat die Suid-Koreane meer verantwoordelikheid vir hul eie verdediging kan aanvaar" ("*Analysis: US troops on the move," BBC News*, 7 Junie 2004). Soos die Verenigde State plaaslike magte aanmoedig om meer verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie verdediging, was daardie nasies verplig om 'n sterker vloot-teenwoordigheid te ontwikkel.

Nog 'n rede vir die vlootopbouing is die groeiende waardering van wesenlike seestrate, veral kritieke "vernouingspunte" soos die Straat van Malakka. Suidoos-Asiatiese lande hou lankal reeds rekening met seerowers, maar die spook van wêreldwye

terrorisme voeg nou 'n dringendheid by om kwesbare kommersiële seevervoer te beskerm. Namate die ekonomie groei – saam met die dors na olie om dit te voed – het China 'n vurige belang daarby om sy kommersiële belange te beskerm deur 'n werklik oseaanvarende vloot. Rofweg 30 persent van alle internasionale handel vaar deur die nou, 550myl [990km] lange Straat van Malakka. Olietenkskepe wat deur die Straat vaar vervoer 80 persent van die olie wat deur beide Japan en China benodig word. Terwyl China se vloot huidig nog die vermoë kortkom om die seestraat wat China se olie vanaf die Midde-Ooste vervoer, te beskerm ... bespreek hulle reeds maniere om dit in die toekoms te kan doen" ("*China speeds pace of military buildup,*" *Washington Times*, 3 Maart 2008).

Die Verenigde State het ook 'n belang daarby dat hierdie Seestraat vry van seerowers en terroriste bly. In werklikheid het die Amerikaanse vloot in September 2007 'n klemverskuiwing in sy seestrategie aangekondig en gevaarplekke soos die Straat van Malakka *in die kern van die strategie* geplaas. Skrywer Richard Halloran wys daarop dat die nuwe vloot-dogma afhang van die vermoë om skepe vinnig, wanneer benodig, tussen die westelike Stille en die Indiese Oseane te kan beweeg ("*Pacific Choke Point,*" *Air Force Magazine*, Julie 2008). Die Straat van Malakka is die natuurlike "vernouingspunt" tussen die twee en moet, om strategiese redes, onbelemmerd bly.

**'n Honderd jaar in die Stille Oseaan**

Maar wat beteken dit alles en waarheen is dit oppad? Sal China en ander Suid-Asiatiese nasies met die Verenigde State saamwerk om blywende vrede en veiligheid in die streek te smee? Of sal botsende nasionale belange en verstrengelde bondgenootskappe – weer 'n keer – lei tot onvermydelike oorlog in die Stille Oseaan? Watter rol gaan die Verenigde State daarin speel?

Die Verenigde State het vir langer as 100 jaar 'n vloot-teenwoordigheid in die Stille Oseaan gehandhaaf. Sedert die wending van die 20ste eeu het die Amerikaanse President, Theodore Roosevelt, hom dit ten doel gestel om wêreldwye oppermag vir die Verenigde State te bekom deur 'n sterk en aggressiewe vlootgevegsmag. In sy eerste jaarlikse toespraak aan die Kongres het hy kragtig bevestig dat geen deel van sy beleid meer belangrik is as uitbreiding van die vloot nie.

Dit was onder President Roosevelt se aanvoering dat 16 Amerikaanse oorlogskepe – gedoop as "Die Groot Wit Vloot" as gevolg van die kleur van die skeepsrompe – op 16 Desember 1907 uitgevaar het op 'n om-die-wêreld toer. Roosevelt se doel was om aan vriend en vyand saam te toon dat die Verenigde State oor die vermoë beskik om sy militêre mag ver buite sy grense aan te wend.

Vier dekades later is die Verenigde State se vlootvermoëns en volharding tot die uiterste beproef. Die Imperiale Japanse vloot, in hulle strewe om die meesters van die Asiatiese Stille Oseaan gebied te word, het *Pearl Harbor* op 7 Desember 1941 aangeval en die Verenigde State in die Tweede Wêreldoorlog gedompel. Na drie-en-'n-halfjaar van bloedige lug, land en seegevegte het Japan oorgegee nadat twee Amerikaanse atoombomme op Hirosjima en Nagasaki geval het. Die Verenigde State het uit die oorlog getree as die dominante seemoondheid in die Stille Oseaan.

Tot vandag toe het Amerika die uitnemendste seemoondheid in die Stille Oseaan gebly. Die Verenigde State se Stille Oseaan-vloot – die wêreld se grootste vlootmag – se hoofkwartier is in die Makalapa Krater, naby Pearl Harbor, Hawaii. Bestaande uit ongeveer 190 skepe, 1 400 vliegtuie, en meer as 213 000 siviele en militêre personeel wat op die skepe en meer as 35 kus-installasies dien, patrolleer hierdie vloot 'n oseaan wat omring is deur 39 onafhanklike nasies, waar ook ses van die wêreld se grootste weermagte (die Volksrepubliek van China, die Verenigde State, Rusland, Indië, Noord-Korea en die Republiek van Korea) geleë is.

Sy verantwoordelikheid dek 'n gebied van ongeveer 50% van die aarde se oppervlakte: 105 miljoen vierkante myl en 16 tydsones.

Maar waar het die Verenigde State hierdie indrukwekkende vloot-vaardigheid vandaan gekry? Wat het Amerika se verstommende opkoms as 'n seemoondheid in die Stille Oseaan veroorsaak? Die antwoord op daardie vraag bevat ook die wesenlike antwoord op wat die toekoms vir Amerika inhou!

Intekenaars op *Die Wêreld van Môre* verstaan dat toe die noordelike tien stamme van antieke Israel gevange geneem en deporteer is deur die antieke koninkryk van Assirië, hulle nie werklik "verdwyn" het nie. Jesus Christus en die Apostels het geweet waar die ontwortelde Israeliete hulle bevind het. Christus het hulle die "verlore skape van die huis van Israel" genoem (Mattheüs 10:6). Hulle het tot anderkant die Eufraatrivier migreer (lees "*Vind die 'Verlore' Stamme van Israel*" op bladsy ... van hierdie uitgawe). Twee van daardie stamme – Efraim en Manasse – het spesiale seëninge ontvang (lees "*Wie is u werklik*?" op bladsy ... van hierdie uitgawe).

Waar *het* Amerika se militêre mag in die Stille Oseaan vandaan gekom? Van President Roosevelt se aggressiewe beleide? Deur die Tweede Wêreldoorlog in die Stille Oseaan te wen? *Of was dit omdat die Verenigde State deel is van hedendaagse Josef wat geprofeteer is om geseënd en versterk te wees deur die hand van God?*

Amerikaners moet nie mislei word om hovaardig te dink dat hulle militêre en ekonomiese sukses uit hulself gekom het nie – terwyl God uitdruklik sê dat hierdie seëninge van Hom af kom. Toe die antieke Israeliete hulself voorberei het om die Beloofde Land binne te gaan, het Moses hulle gewaarsku om die Bron van hul seëninge te onthou: "Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het" (Deuteronomium 7:6-8).

Indien God – deur Sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob – die Bron van Amerika se nasionale seëninge is, wat sal met Amerika se krag gebeur as die nasie God die rug toekeer? Wat gebeur met 'n volk wat Sy gebooie verwerp, openlik sedeloosheid beoefen, Sy Sabbatte skend en selfs Sy bestaan ontken? Sal Hy dié nasie deur verdere oorloë beskerm indien dit Hom vermy en Sy naam vervloek? Let op wat Moses aan Amerika se voorvaders gesê het: "die HERE [het] julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde. Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring" (Deuteronomium 7:8-11).

Dus, wat is die vooruitsig vir Amerika se oppermag in die Stille Oseaan? Sal die Verenigde State geseënd wees in sy pogings om sy bondgenootskappe ongeskonde te hou en sy kommersiële seestrate oop, *indien Amerikaners volhard om God te laster in hul persoonlike en nasionale lewens?*

**Sal Amerika die poorte beheer?**

Skrywer Richard Halloran skryf dat die Straat van Malakka "'n buitengewone vernouingspunt vorm wat in die skaduwee van gewapende seerowers, staatlose terroriste en nasionale gewapende magte bestaan. Indien die wêreld vir 'n lang tydperk toegang daartoe verloor, sal die gevolge vir die nywerheidslande, *insluitende*

***Vervolg op bladsy 26***

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG: Ek is jare gelede gedoop. Ek het dus aanvanklik aanvaar dat dit nie op my betrekking het toe u tydskrif en beeldsending van doop praat nie. Nou, nadat ek u literatuur gelees het, begin ek wonder of ek behoorlik gedoop was. Hoe kan ek weet?**

**ANTWOORD:** Christus het Sy dissipels beveel om diegene wat God geroep het tot bekering en doop, te doop. "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Mattheüs 28:19-20).

Wat vereis God van 'n doop sodat dit geldig kan wees in Sy oë? Christus ken sekerlik die vereistes, aangesien dit Hy was wat die vereistes van doop tot redding ingestel het. "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:15-16).

Wat moet 'n mens glo? 'n Mens moet die evangelie wat Christus verkondig het, glo. Wat was daardie evangelie? "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus Christus, die Seun van God, het die goeie nuus gebring dat die Koninkryk van God uiteindelik beheer oor al die regerings van die wêreld sal oorneem, en 'n tyd van vrede administreer tussen voorheen vegtende nasies.

Van wat moet 'n mens hom bekeer? Van sonde. Wat is sonde? "Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God" (1 Johannes 3:4, NV). Het u tydens u vorige doop Jesus se opdrag gehoorsaam deur u te bekeer van ongehoorsaamheid aan die Tien Gebooie (Mattheüs 19:17-19)?

Deur hierdie punte in gedagte te hou en uself te vra: Toe ek gedoop was, het ek my bekeer van my sondes? Indien u geweet het wat sonde is, maar u nogtans nie voorgeneem het om, met die hulp van u Verlosser, daarvan te distansieer nie, dan het u nie berou tot bekering ervaar nie. Indien u nie eens geweet het wat sonde is nie – moontlik het u gedink dat, as 'n Christen, u net kan doen wat u wil sonder dat dit as sonde gereken sou word – dan het u u sekerlik nie bekeer van u sondes nie.

Een teken van 'n ongeldige doop is dat dit nie die Bybel se voorskrif gevolg het nie. Let op dat die Skrif baie duidelik beveel dat die doop in water uitgevoer moet word, deur algehele onderdompeling (Mattheüs 3:1-16; Johannes 3:23; Handelinge 8:38-39). 'n Blote besprinkeling voldoen nie aan die Bybelse simboliek van afwassing van die sondes van die verlede nie (Handelinge 22:16).

Dan ook nog, indien u op 'n baie jong ouderdom gedoop was – moontlik selfs as 'n baba – kon u nie verstaan het wat dit beteken om u te bekeer nie. Indien u nie eens die een was wat u doop as 'n baba of kind aangevra het nie, dan is dit 'n seker teken dat u doop nie u ware bekering aangedui het nie.

Moontlik voel u dat u wel bekeer het toe u voorheen gedoop was. Indien wel, vra uself nog 'n vraag: Het u die evangelie geglo? Die meeste mense wat hulself deesdae "Christene" noem, het slegs 'n vae en foutiewe idee van wat die evangelie is. Party van hulle glo dat dit 'n boodskap oor Jesus is, terwyl andere weer glo dat dit 'n boodskap is oor welvaart en selfversekering. Baie min mense verstaan die waarheid – dat die evangelie wat Jesus verkondig het, die evangelie is van die Koninkryk van God, die boodskap van 'n toekomstige Koninkryk wat op hande is, om regeer te word deur Jesus Christus Self, en waaronder die hele mensdom die vreugdes en seëninge sal ervaar om volgens God se manier te lewe.

Party mense haas hulle om gedoop te word omdat hulle dink dat dit die sosiaal-aanvaarbare ding is om te doen. Hulle vriende is almal gedoop en hulle voel uitgesluit as hulle nie ook gedoop is nie. Die gevolg is dat hulle vra om gedoop te word, lank voordat hulle "die koste bereken het" van hierdie ewige verbintenis (Lukas 14:28). Omdat doop so 'n gewigtige besluit is, behoort u op u hoede te wees vir diegene wat u in die doop wil in haas, sonder om u die tyd te gun om daaroor te bid, dit te bestudeer en daaroor te vas, terwyl u God se wil in u lewe soek. Om meer oor die doop te leer en u te help oorweeg of u dit nodig het, skryf asseblief aan ons of bel die Streekkantoor naaste aan u en vra 'n gratis kopie aan van ons insiggewende boekie: *Behoort u Gedoop te word?* WvM

# Profesie neem

## Vind die "verlore" stamme van Israel

Die geheim van die "Verlore Tien Stamme" van Israel het vir eeue mense se nuuskierigheid geprikkel. Wie is hulle? Waar is hulle? Selfs Amerika se President Thomas Jefferson het in sy opdragte aan die Lewis en Clark ekspedisie, die navorsers gevra om te kyk vir ooreenkomste tussen die verlore stamme en die Amerikaanse Indiane van die Groot Vlaktes. Sindikaatskrywer Charles Krauthammer vertel hierdie storie in 'n rubriek wat die 60ste jaar van die staat van Israel herdenk het dat Lewis en Clark nie die verlore stamme onder die Indiane gevind het nie. Hy voeg dan die algemene siening oor die onderwerp by: "*Hulle is nêrens nie*" (*Washington Post*, 16 Mei 2008). Krauthammer, soos baie ander, neem aan dat die "Verlore Tien Stamme" eenvoudig in die mis van die geskiedenis verdwyn het.

'n Paar maande later het nuusberigte melding gemaak van die *Bnei Menasche* – 'n groep mense wat in Indië woon en *en masse* na Israel wil immigreer. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle "afstam van die verlore stam van Manasse, een van die tien stamme wat meer as 27 eeue gelede deur die Assiriese Ryk uit die land van Israel verban is". Die Bnei Menasche hou die Sabbat, die kosjer dieet-wette en aanbid in sinagoges (*New Jersey Jewish Standard*, 13 Augustus 2008).

Oor die jare heen was daar berigte van ander beweerde oorblyfsels van die "Verlore Tien Stamme" in afgeleë dele van die wêreld. Die meeste geleerdes beskou deesdae hierdie berigte as mites en verwys neerhalend na wat hulle beskou as 'n gebrek aan betroubare bewyse dat hierdie stamme vandag bestaan. Wat van die idee dat die volke van Westelike Europa en die Britse Eilande deel is van die Verlore Tien Stamme? Professor Tudor Parfitt van die Universiteit van Londen sê die idee is "nie geseënd met selfs 'n sweempie van bewyse nie" en weerspieël die "onkunde" van "swak opgeleide volgelinge van die beweging" (*The Lost Tribes of Israel: The History of a Myth*, bll. 53, 62).

Die sienswyse van Professor Parfitt en sy kollegas *sien* egter belangrike Bybelse leidrade *oor die hoof*, en *ignoreer* heelwat historiese bewyse wat dit wel moontlik maak om die identiteit en ligging van die hedendaagse woongebiede van die stamme van Israel vas te stel. Dit lyk of min mense verstaan dat dosyne profesieë wat verband hou met hierdie belangrike onderwerp, vandag besig is *om gestalte aan te neem*!

**Nie werklik verlore nie!**

Alhoewel baie moderne geleerdes tred verloor het met die Israelitiese stamme, het die identiteit en ligging van die stamme van Israel nie **werklik** verlore geraak nie! Jesus het aan Sy dissipels gesê om "na die verlore skape van die huis van Israel" te gaan (Mattheüs 10:6). Die "*huis* van Israel" verwys na al twaalf stamme van Israel, wat van die twaalf seuns van Jakob afstam (Genesis 35:23-26). Beide die Bybel en die geskiedenis wys dat Christus se dissipels hulle missie ***uitgevoer het***. Jakobus rig sy sendbrief aan "die twaalf stamme wat in die verstrooiing is" (Jakobus 1:1). Josephus, 'n Jood wat in die eerste eeu n.C. geskryf het, boekstaaf: "die tien stamme is anderkant die Eufraat tot vandag toe, en is 'n baie groot menigte" (*Antiquities of the Jews*, 11:5:2). Die frase "anderkant die Eufraat" openbaar dat die tien stamme in Parthië was – 'n gebied suid van die Kaspiese see – waarheen die Israeliete eeue tevore in ballingskap weggevoer is. Professor George Rawlinson van Oxford, skryf dat die Parthers deel was van die Skithiërs, hulle naam "Parthers" beteken "bannelinge"; en dat hulle onder die heerskappy van die Assiriërs en die Meders was (*The Sixth Great Oriental Monarchy*, bll. 19, 26) – 'n

# gestalte aan

beskrywing wat die Israeliete pas! Parthers het Petrus in Jerusalem hoor praat op Pinksterdag (Handelinge 2:9). Die vroeëre kerk se geskiedskrywer, Eusebius (263-339 n.C.) vertel dat Christus se dissipel Andréas na Skithië gegaan het, en dat Thomas na Parthië gegaan het (*The History of the Church*, 3:1:1). Vroeëre oorlewering verbind Bartholomeus en Filippus ook met hierdie selfde gebiede – wat wys dat die Apostels [destyds] *geweet* het waar die Israelitiese stamme hulle bevind.

Geskiedskrywers verbind die Skithiërs met 'n nasie genaamd Sacae. In sy vertaling van Herodotus se *The Histories*, verbind Rawlinson die Sacae – wat vermeld word in inskripsies op die Behistun Rots in noordwes Iran, wat in opdrag van Darius in ongeveer 500 v.C. aangebring is – "met die Bit-Khumri van Samaria, of die Tien Stamme van die Huis van Israel" (bl. 378). In die Apokriewe boek, 2 Esdras, word vermeld dat (na die val van die Asiriese Ryk) "die tien stamme ... onder mekaar beraadslaag [het] om ... na 'n verder land te gaan ... En hulle het in die Eufraat ingegaan deur die smal deurgange van die rivier" (2 Esdras 13:40-45) – hulle het noordwaarts koers gekies deur die bergpasse na die Krim. 'n Londense geskiedskrywer van die negentiende eeu, Sharon Turner, skryf: "Die trekkende Skithiërs het die Araxes oorgesteek ['n rivier tussen die Swart- en Kaspiese see], het Asië verlaat, die Kimriane [Krim] binnegeval, en in die sewende eeu voor die Christelike era, skielik in Europa verskyn" (*The History of the Anglo-Saxons*, vol. 1, bl. 98). Turner beskryf ook hoe die Skithiërs en 'n verwante nasie, die Kimriane (Kimbri of Kumri of Cymri), uiteindelik Brittanje bereik het, en "die Wallisers, wat hulle nasate is, het hulleself altyd '*Cymry*' genoem" (*ibid*., bl. 34) – daardie naam is selfs vandag nog op hulle poskaarte!

Kritici is nie oortuig nie; Professor Parfitt sê die idee dat die Verlore Tien Stamme te vinde is onder die Amerikaanse, Britse en die Anglo-Saksiese-Keltiese volke wat van noordwes Europa kom, is "vreemd" en maak nie "in die minste sin" in terme van geskiedenis nie (Parfitt, bll. 53, 64). Hy beweer verder dat sommige van die vroegste "uitlatings oor 'n *versinde* Israelitiese afstamming van die Britte" kom van individue met twyfelagtige reputasie en geleerdheid in die 1600's en 1700's (*The Lost Tribes of Israel*, bll. 41-61). Hierdie persepsie *ignoreer egter* eenvoudig belangrike feite van geskiedenis. Byvoorbeeld, die Deklarasie van Arbroath in 1320 n.C. – die Skotse "Deklarasie van Onafhanklikheid" – verklaar dat die Skotte se voorsate in ongeveer 500 n.C. van Skithië deur Spanje gekom het – ongeveer 1,200 jaar na die Assiriese oorname van Samaria in 721 v.C. (verwys *The Story of Celto-Saxon Israel*, Bennett, bll. 96-99). Gildas, 'n Brit wat in die vroeë 500's n.C. geskryf het, beskryf die Anglo-Saksiese inval as God se straf oor "hierdie [mense] Sy Israeliete" – die Britte (*De Excidio Britanniae*). Die vroeë annale van Ierland noem sommige van die Smarag Eiland se eerste inwoners die "*Tuatha de Danann*" (*The Story of the Irish Race*, MacManus, bll. 2-6; *The Flowering of Ireland*, Scherman, bll. 51-55), wat maklik vertaal word as "*stam van Dan*" – een van die stamme van Israel. Die *Tuatha de Danann* van Ierland blyk dieselfde mense te wees as die *Danoi* van Griekeland, wat volgens plaaslike legendes ongeveer 1500 v.C. van Egipte af gekom het – omtrent die tyd van die Israeliete se eksodus. Een van die karaktereienskappe van die stam van Dan was om plekke waar hulle gevestig het of deurgereis het, se name te verander (Josua 19:40-48; Rigters 18:11-12, 26-29). Die Daniete was seevarende mense (Rigters 5:17) en dit is voorspel dat hulle hul merk in plekname sou laat: Ciprus was die *la-*

*Dnan* (Eiland van Dan) genoem, die Donau, die Dardanelles, Danzig en Denemarke (sien Bennett, bll. 76-79).

Bykomend het ons bewyse wat die Vatikaan se bibliotekaris Kardinaal Baroneous en Aartsbiskop Ussher van Ierland – een van die grootste geleerdes van sy dag – in die 17de eeu voorgelê het dat die Apostels Jakobus, Paulus, Simon Petrus, Simon die Yweraar, saam met Josef van Arimathéa, die evangelie in die Britse Eilande verkondig het (sien *The Whole Works of James Ussher*, vol. 5, hfst. 1). Dit gee verdere geloofwaardigheid aan die begrip dat die Apostels Jesus se opdrag **wel** uitgevoer het deur "na die verlore skape van die huis van Israel te gaan".

**Profetiese betekenis**

Hoekom is dit egter *vandag* belangrik om kennis te dra van die identiteit van die stamme van Israel en waar hulle hul tans bevind? Bybelse profesieë boekstaaf karaktereienskappe van die stamme van Israel wat opvallend en duidelik sal word "aan die einde van die dae" (Genesis 49:1). Moses het voorspel dat die nakomelinge van die Israeliete heeltemal korrup sal word en moeilike tye in die gesig sal staar "aan die einde van die dae" (Deuteronomium 4:27-30; 28:26-29). Jeremia waarsku dat 'n tydperk van beproewing en straf vir sondige Israelitiese nasies voorlê, wat hy 'n tyd van "benoudheid vir Jakob " noem (Jeremia 30:1-15). God se dienaars het 'n plig om Sy mense te waarsku teen gevare wat voorlê (Jesaja 58:1; Amos 3:7). Kennis van wie die hedendaagse Israelitiese nasies is en waar hulle hul bevind, is 'n *sleutel* om Bybelse profesieë oor hulle toekoms te verstaan, en sal ons help om ons boodskap te teiken namate hierdie profesieë vandag *gestalte begin aanneem*!

***—Douglas S. Winnail***

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Wie sal die golwe regeer?*

*die Verenigde State*, *rampspoedig wees* [ons beklemtoning]" ("*Pacific Choke Point," Airforce Magazine*, Julie 2008). Terwyl verskillende vlootmagte in die Stille Oseaangebied wedywer om beheer oor die kosbare, kwesbare seestrate – die lewensbloed van die wêreld se ekonomie – wat sal gebeur indien die Verenigde State beheer oor hierdie aller belangrike vernouingspunt verloor?

U Bybel bevat 'n baie interessante profesie aangaande Rebekka, toe sy haar voorberei het om met Abraham se seun, die aartsvader Isak, te trou. God het belowe om Abraham 'n groot nasie te maak, met afstammelinge "soos die sand van die see" (Genesis 32:12). Rebekka is hierdie seën gegee: "**En hulle het Rebekka geseën en aan haar gesê: Ons suster, mag jy duisende van tienduisende word, en mag jou nageslag die poort van sy vyande in besit neem!**" (Genesis 24:60).

"Poorte" verteenwoordig "vernouingspunte" wat die vloei van verkeer beheer – ekonomies en militêr – deur die land of die see. Sonder om die nywerheids en militêre vervoer deur die "poorte" te kan beheer, het 'n land min beheer oor sy eie lotgevalle. Bybelse profesieë toon dat God aan hedendaagse Israel beheer gegee het oor die "poorte" van hul vyande – insluitende die Panamakanaal, die Suezkanaal, die Straat van Ormuz, die Straat van Gibraltar en die Straat van Malakka. Sal Amerika voortgaan om in die toekoms 'n leidende rol te speel in die verdediging van die Straat van Malakka? Dit hang alles af van die nasie se getrouheid en

gehoorsaamheid aan die God wat aan die nasie die poorte in die eerste plek gegee het. Sal God voortgaan om Amerika te seën met die strategiese "vernouingspunte" van die wêreld se seestrate, indien sy bevolking straffeloos owerspel bedryf, moord pleeg, steel en bedrieg?

Richmond Pearson Hobson, Skout-admiraal in die Amerikaanse vloot, wat ook nog vyf termyne in die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers gedien het, was 'n sterk ondersteuner van President Theodore Roosevelt in sy strewe om Amerika se vloot nie net die beste in die wêreld te maak nie, maar ook een wat **baie meer gevorderd** is as enige ander een op die aarde. In 1902 skryf hy: "Die vinger van die noodlot wys vorentoe. Amerika sal die beherende wêreldmag wees, wat die spook van die see sal bylê, en met wonderlike weldadigheid sal regeer deur die rigtinggewende beginsels van 'n maksimale diens aan die wêreld. Sy sal alle nasies van die aarde help" (*Teddy Roosevelt's Great White Fleet,* James Beckner, bl. 4).

Kongreslid Hobson se visie van 'n magtige Amerikaanse vloot is bewaarheid vir die grootste deel van die eeu. Maar nie as gevolg van die noodlot, lotsbestemming, harde werk of onselfsugtige beginsels van welmenende mense nie – Amerika se mag is verkry as die gevolg van die geestelike gehoorsaamheid van die aartsvader Abraham en God se getroue belofte om sy nageslag te seën. Sy seëninge sal spoedig verlore wees – en Amerika sal baie meer verloor as net beheer oor die Stille Oseaan – indien sy bevolking in gebreke bly om beheer te neem oor hul geestelike toestand in die huis, individueel sowel as nasionaal. WvM

---

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

die kwart van die hele Bybel wat *geïnspireerde profesie* is, verwerp. Nogtans begin die rampspoedige dinge wat die Bybel vir die laaste dae voorspel, reeds **almal** gebeur!

Ons is verseker *in die laaste dae*! Wanneer ons sien dat al die "seepoorte" weggeneem is van Britse en Amerikaanse beheer, wanneer ons sien hoe Amerika en Brittanje *afgetakel word* in die oë van ander nasies, wanneer die Amerikaanse dollar en Britse pond en ons *lewenstandaard* al hoe meer begin *afneem*, sal baie van ons vriende en bure miskien *begin om wakker te skrik* en te besef dat die Almagtige God betrokke is! U wat ons tydskrif gereeld gelees het – of na die *Tomorrow's World* beeldsendings gekyk het – moet begin verstaan dat God uitdruklik belowe het om alle mense te *straf wat afdwaal* soos wat ons nou doen met ons toenemende seksuele onsedelikheid en perversie, ons stygende misdaad en geweld, die toenemende misbruik van alkohol en verdowingsmiddels en die hele benadering van *goddeloosheid* onder ons nasies as geheel!

In 'n *tweeledige* profesie wat betekenis gehad het vir ons voorvaders, maar *selfs nog meer betekenis het* vir ons vandag, sê die Ewige God: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; *en as julle my* **insettinge verwerp**, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek **–** dan sal Ék dit ook aan julle doen: *Ek sal* **verskrikking [terreur]** *oor julle beskik*: **die tering** en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook **tevergeefs** *julle saad saai*, want julle vyande sal dit opeet (Levitikus 26:14-16).

Die Amerikaners en die volke wat van die Britte afstam, "verag" **–** deur ons gedrag en baie van ons wette **– sekerlik** God se insettinge teen aborsie, hoerery, owerspel, homoseksualiteit, dronkenskap, vloekery en amper enige ander vorm van veragtelike gedrag. God sê dat Hy onder sodanige omstandighede, "**verskrikking**" oor ons sal beskik! Miskien sal ons begin besef dat "9-11" inderdaad 'n *waarskuwingsteken* van ons **Skepper was**!

Na die beskrywing van die komende *siekte-epidemies* en *voedseltekorte*, sê Hy ten slotte:

"En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En *Ek sal julle* **trotse** *mag* **verbreek,** en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper" (verse 18-19). Vir 'n meer volledige verduideliking van ons nasionale identiteit, bel of skryf dadelik aan ons vir u **gratis** kopie van ons insiggewende boekie wat oor *hierdie einste onderwerp* handel: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje asook Suid-Afrika?* Maak ook seker dat u my artikel "Wie *is* u, Werklik?" elders in hierdie uitgawe, sorgvuldig lees. Dit sal u selfs nog meer inligting gee oor die oorsprong van die Amerikaners en ander nasies van Britse afkoms.

Weereens, *wat gaan aan?*

Wat aan die gang is, is dat die Ewige God – aan die einde van 6 000 jaar van menslike geskiedenis – begin om in te gryp en die nasies van die wêreld te **skud** en baie mense te help wat uiteindelik gewillig sal wees om ***wakker te skrik*** en hul na Hom wend! Voor Christus se Wederkoms sal God nog meer mense roep wat Hy wil oplei om konings en priesters te word in Christus se toekomstige Koninkryk (Openbaring 5:9-10). Ons wat Sy roeping aanvaar en volhou tot aan die einde, sal Christus help om oor *hierdie aarde te regeer* – ons sal **nie** hemel toe gaan met niks om te doen nie.

Baie duisende van u, die lesers van die *Wêreld van More,* begin om te verstaan. U begin om te reageer. U begin om te besef dat baie van die dinge wat u as "Christelikheid" geleer is, glad nie Bybelse Christelikheid is nie. U is gewillig om die betekenis van Jesus Christus se uitdaging aan mense van Sy tyd, te verstaan. "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Onthou dat die ware God van die Bybel vereis dat ons Hom *gehoorsaam*. Hy eis dat ons gewillig moet wees om te leef volgens "**elke** woord van God" (Lukas 4:4). In die geïnspireerde boek van Jesaja beskryf God dié soort individu wat Hy sal lei en seën in die verskriklike jare wat voorlê, "Maar op *hierdie een* sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat **bewe** vir my woord" (Jesaja 66:2). Die meeste belydende Christene "bewe" nie vir God se geïnspireerde woord nie. Dit is omdat hulle 'n konstante dieet van idees en begrippe gevoer was en God "ver weg" is, asook dat die Bybel slegs maar oor duisende jare heen, die skryfwerk is van feilbare mense wat baie foute gemaak het terwyl hulle geskryf het. Die meeste van u vriende en familielede "vrees" moontlik **nie** werklik die God van die Bybel nie, al noem hulle hulself Christene.

Indien God besig is om *u verstand* te open, dring ek by u aan om werklik aan uself die bestaan van die ware Skepper God en die *absolute inspirasie* van die Heilige Bybel te **bewys**. Soos die meeste van u weet, stel ons baie boekies, herdrukte artikels en 'n volledige *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* heeltemal **gratis** beskikbaar op versoek – alles wat u kan help om hierdie dinge werklik te **verstaan** en te **bewys**. Ons vra **nooit** dat u vir enigiets moet betaal nie, en ons gee u Bybelse bewyse en *spesifieke skrifverwysings* in konteks, om u te help om aan uself hierdie wesenlike punte van lewe en dood te bewys.

Mag God Self u dus lei en inspireer om die *geloof* en die **moed** aan die dag te lê om nie slegs die Waarheid van God te bewys nie, maar om daarvolgens te **handel**! Ons in hierdie Werk is God se dienaars, deur Hom aangestel om Sy boodskap te verkondig en *Sy finale waarskuwings* aan die einde van hierdie tydvak te rig. Ons is **nie** volmaak nie. Ons het egter die **bewyse –** *Bybelse bewyse* – van dit wat ons in opregtheid skryf en verkondig. U sal aan uself en u gesin 'n groot guns bewys indien u die verstandelike en geestelike energie aan die dag lê om sorgvuldig die Waarheid te **bestudeer**, te **bewys** en tot werklike insig te kom van wat ons nou aan die hele wêreld bekend maak aan die einde van hierdie tydvak. Mag God u lei, bemoedig en seën wanneer u **handel** volgens Sy Waarheid en leer om na aan Hom te wandel.

